

# ***STUDIEGIDS***

## **LETTERKUNDE AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 12**



**INHOUDSOPGAWE****BLADSY**

❖ <b>INLEIDING</b>	3
❖ <b>POËSIE:</b>	
➤ Digterlike aspekte	4
➤ Gedigte	11
○ <i>Toe jy kind was – N.P. van Wyk Louw</i>	11
○ <i>Hansie en Grietjie – Eveleen Castelyn</i>	12
○ <i>Waarom is ek tog 'n gewone man – M.M. Walters</i>	14
○ <i>Herinneringe – Koos du Plessis</i>	17
○ <i>Man met flits – D.J. Opperman</i>	18
○ <i>Skoppensboer – Eugene N. Marais</i>	20
○ <i>Ontvlugting – Ingrid Jonker</i>	22
○ <i>Onderwyser – Antjie Krog</i>	23
○ <i>Verslag van 'n winterreis – W.E.G. Louw</i>	24
○ <i>Naskrif: 'n credo – Lina Spies</i>	29
○ <i>Sonsondergang op boulevard – Etienne van Heerden</i>	30
○ <i>Die Godsbesluit – D.J. du Toit (Totius)</i>	32
❖ <b>ROMAN:</b>	
○ <i>Fiela se kind – Dalene Matthee</i>	34
❖ <b>DRAMA:</b>	
➤ <b>EEN</b> van die volgende:	
○ <i>Die Keiser – Bartho Smit</i>	40
○ <i>Mis – Reza de Wet</i>	51
❖ <b>MOONTLIKE ANTWOORDE OP VRAE:</b>	
➤ Gedigte:	
○ <i>Toe jy kind was – N.P. van Wyk Louw</i>	64
○ <i>Hansie en Grietjie – Eveleen Castelyn</i>	64
○ <i>Waarom is ek tog 'n gewone man – M.M. Walters</i>	64
○ <i>Herinneringe – Koos du Plessis</i>	65
○ <i>Man met flits – D.J. Opperman</i>	65
○ <i>Skoppensboer – Eugene N. Marais</i>	66
○ <i>Ontvlugting – Ingrid Jonker</i>	66
○ <i>Onderwyser – Antjie Krog</i>	67
○ <i>Verslag van 'n winterreis – W.E.G. Louw</i>	67
○ <i>Naskrif: 'n credo – Lina Spies</i>	68
○ <i>Sonsondergang op boulevard – Etienne van Heerden</i>	68
○ <i>Die Godsbesluit – D.J. du Toit (Totius)</i>	69
❖ <b>ROMAN:</b>	
○ <i>Fiela se kind – Dalene Matthee</i>	70
❖ <b>DRAMA:</b>	
○ <i>Die Keiser – Bartho Smit</i>	71
○ <i>Mis – Reza de Wet</i>	74

## INLEIDING

Die letterkunde is 'n vorm van "woordkuns" wat in drie genres (afdelings) verdeel word: die *poësie* (gedigte), die *drama* (toneelstukke) en die *prosa* (verhale).

Die letterkunde is 'n kunsvorm net soos musiek, skilderkuns en beeldhoukuns. In al hierdie kunsvorme word iets moois uitgebeeld. Waar 'n skilder verf gebruik om sy kunswerk te skep, gebruik die skrywer of digter woorde, met ander woorde, die taal.

Hierdie studiegids is saamgestel om jou te help om sukses te behaal in die Graad 12-letterkunde-eksamen. Dit bied by elke genre 'n opsomming van die inhoud, aantekeninge en besprekings, kortvrae en opstelvrae wat jou sal help met jou eksamenvoorbereiding.

Die genres met **AL** die werke wat in die studiegids bespreek word is die volgende:

- Die 12 gedigte wat **VERPLIGTEND** is.
- Die roman:
  - Fiela se kind – Daleen Matthee
- Die drama waaruit jy **EEN** van die volgende kan kies:
  - Die keiser – Bartho Smit
  - Mis – Reza de Wet

Moet asseblief nie net staatmaak op die inhoud van die studiegids nie. Die roman en die drama wat jy kies, moet met insig en begrip gelees word. Daar word deurentyd verwys na die bladsynommers van die boeke waarin sekere antwoorde van die vrae gevind kan word, dus is die doel van die studiegids om jou ten volle te vergewis van die inhoud van die genres.

Om die langvrae te kan beantwoord, **moet** die boek gelees word.

Die eksamenvraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

**AFDELING A:** Poësie (gedigte) wat 'n **VERPLIGTE** vraag is.

**AFDELING B:** Die roman:

LET WEL: Indien jy hier die kortvrae doen, moet jy die langvraag in AFDELING C doen.

**AFDELING C:**..Die drama wat jy gekies het.

LET WEL: Indien jy in hierdie afdeling die kortvrae doen, moet jy die langvraag in AFDELING B doen.

Mag hierdie studiegids vir jou net inspirasie inhou met jou eksamenvoorbereiding.

# POËSIE

## Digterlike Aspekte:

### ❖ VERS:

Dit is 'n enkele versreël.

### ❖ STROFE:

Dit bestaan uit 'n aantal verse (versreëls wat 'n groepie of eenheid vorm).

Soorte strofes:

- Koeplet (2 reëls)
- Tersine (3 reëls)
- Kwatryn (4 reëls)
- Sekstet (6 reëls)
- Oktaaf (8 reëls)

### ❖ ENJAMBEMENT:

Dit is die verskynsel waar een versreël oorloop in 'n ander sonder enige leestekens aan die einde van die vorige reël. (*Herinneringe r.5 – 8*)

#### Funksies:

- Verdoesel rym, m.a.w. maak dit minder opvallende of eentonig.
- Bind versreëls en selfs strofes – gee 'n aaneenvloeiende gedagte.
- Verleen beweging (vloeiendheid) en soepelheid aan die gedig.
- In enjambementsposisies word woorde uitgehef aan die begin of einde van die versreël.
- Versnel die tempo en dit beïnvloed weer die toonaard (atmosfeer).

### ❖ ELISIE:

Dit is die weglating van 'n letter of beklemtoonde lettergreep in 'n woord, bv. (*Skoppensboer r. 2*).

#### Funksies:

- Dit word gebruik ter wille van 'n sekere metriese patroon.
- Dit laat die gedig ritmies gladder verloop.
- Dit versnel die tempo.
- Dit help om 'n staccato-effek te gee. (sê die woorde baie kort)

### ❖ FUNKSIES VAN LEESTEKENS:

#### Komma (,)

- Kommas kan voor en na 'n stelling kom wat dan die gedeelte uithef.
- Dit dui op afsonderlike gedagtes.
- Dit behou die aandag en verleen sodoende aan sekere woorde of sinsnedes groter prominensie.  
(*Verslag van 'n winterreis r. 3 en 4*)

**Uitroepteken (!)**

- Verleen forsheid, kragtigheid en beklemtoon dringendheid van verse.
- Dit word gebruik om 'n woord of gedagte te beklemtoon.
- Dit word gebruik om 'n sekere gevoel te versterk.  
(*Skoppensboer r. 30*)

**Aandagstreep (-)**

- Dit word gebruik om die aandag te konsentreer op dit wat daarop volg.
- Dit word gebruik om parentetiese inlassinne of frases aan te dui.
- Dit word gebruik om spesifiek die aandag op die klimaks te vestig.  
(*Sonsondergang op boulevard r. 6 en 26*)

**Dubbelpunt (:)**

Dit dui daarop dat die daaropvolgende 'n **verduideliking** of toeligting van die voorafgaande is. Woorde ná die dubbelpunt isook in 'n beklemtoonde posisie. (*Toe jy kind was r. 1*)

**Kommapunt (;)**

Dit skei afsonderlike gedagtes, aspekte wat tot een hoofsin ofsaak behoort.  
(*Verslag van 'n winterreis r. 8*)

**Hakies ( )**

- Verdere toeligting word tussen hakies geplaas.
- Dit word gebruik om parentetiese gedeeltes aan te dui.

(*Waarom is ek tog 'n gewone man r. 34*)

**Vraagteken (?)**

- Dit word aan die einde van 'n regstreekse vraag gebruik.
- Dit word aan die einde van 'n retoriese vraag gebruik (Geen antwoord word verwag nie)..  
(*Waarom is ek tog 'n gewone man r. 43 en 50*)

**❖ UITHEFFING VAN WOORDE:**

Die uitheffing van woorde word deur die volgende bewerkstellig:

**PLASING:**

- Die woorde word aan die begin of einde van die versreël geplaas.
- Prominente posisies.
- Woorde of sinsnedes word geïsoleer (alleenplasing).
- Belangrike woorde kry 'n plek aan die begin of einde van 'n versreël.  
(*Onderwyser r. 18*)

**ALLITERASIE EN ASSONANSIE:**

- **Alliterasie** is die **herhaling** van dieselfde **konsonante** in 'n versreël.  
“*vansaffier, van smarag of agaat”*,”
- **Assonansie** is die **herhaling** van dieselfde **vokale/diftonge** in 'n versreël. “*en baljaar tussen stinkkruid en kiesieblaar”*  
*en baljaar tussen stinkkruid en kiesieblaar.*

Dié woorde trek onmiddellik aandag.

**ISOLERING:**

'n Afsonderlike sin, sinsdeel of woord as gevolg van spasies weerskante trek die aandag. (*Waarom is ek tog 'n gewone man r. 4 – 7*)

**AKSENTUERING OF KURSIVERING:**

Skuinsgedrukte woorde vestig die aandag op die woord.

(*Naskrif: 'n credo r. 2.3.5.6 en 7*)

**HOOFLETTERS:**

Trek opsigtelike aandag.

(*Naskrif: 'n credo r. 3*)

**❖ SPANNING IN 'N GEDIG:**

Spanning in 'n gedig word verkry deur:

- Uitsteltegnieke.
- Herhaling van kernwoorde.
- Woordkeuse.
- Leestekens beïnvloed die tempo en die tempo beïnvloed weer die toonaard.
- Kort klanke, staccato-effek.  
(*Sonsondergang op boulevard – begin met “jy” wat deurentyd spanning skep in die gedig*)

**❖ TOONAARD (ATMOSFEER):**

Die volgende beïnvloed die toonaard van 'n gedig:

**VERKLEINWOORDE:****Funksies:**

- Dit dui op werklike verkleining.
- Dit dui op die digter se persoonlike betrokkenheid, op sy emosionele belewenis.
- Dit beïnvloed die toonaard van die gedig – dui op vertedering, liefdevolheid, minagting ens.  
(*Man met flits r. 7 en 8*)

**TEMA:**

Onderliggende gedagte van die gedig, wat die digter se motief/idee was toe die gedig geskryf is. (*Waaroor die gedig eintlik gaan*).

**TEMPO:**

'n Snelle of langsame tempo beïnvloed die toonaard in 'n groot mate.

**KORT VERSREËLS:**

Beïnvloed ook die tempo en toonaard, bv. kort versreëls gee 'n beslistheid, afgemete, dringende toonaard. (*Man met flits*)

**❖ FUNKSIES VAN EKSPLOSIEWE (PLOFFERS):**

Dit versterk die nadruklikheid van die verse.

(*Toe jy kind was r. 2 en 3 – herhaling van die “g”*)

❖ **FUNKSIES VAN DIE UITSTELTEGNIK:**

'n Deel van die sin word verder na agter geplaas. Daardeur word 'n soort spanning as gevolg van die afwagting veroorsaak. (*Toe jy kind was r. 11*)

❖ **FUNKSIES VAN DIE RETORIESE VRAAG:**

Dit is om, in plaas van iets gewoonweg as 'n stelling te gebruik, dit by wyse van 'n vraag te doen. Die antwoorde is dan eintlik voor die handliggend en hoef dus nie gegee te word nie. Die retoriese vraag is dus veel indrukwekkender, dit is meer as 'n gewone stelling.

(*Waarom is ek tog 'n gewone man*)

- Langer pouse voordat gedagte voortgesit word.
- Ook dromende denke, mymering, vervloeiing van gedagtes.
- Skep suggestiewe atmosfeer.
- Soms spanning.

❖ **ASTERISK ( \*)****Funksies:**

- Dit dui op die skeiding tussen twee frases, tydperke.
- Dit word gebruik voor 'n verdieping, toepassing of slotsom in die gedig.

(*Die Godsbesluit*)

❖ **RYM:**

Rym is gelykluidende klanke, d.w.s die herhaling van een of meer klanke.

**RYMSKEMAS:****Soorte rym:**

A a Paarrym b b	a b Omarmde rym b a
A b Kruisrym a b	a a Gebrokersrym b c
A a a a	Slagrym

Indien 'n gedig geen spesifieke rympatroon toon nie, is dit **vrye vers.**

**❖ TIPOGRAFIE:**

Dit is hoe die gedig afgedruk staan: die lettertipes, die lengte van die versreëls, skuinsdruk, hoof-en kleinletters, leestekens, die wyse waarop reëls geplaas is.

**❖ BEELDSPRAAK:****➤ VERGELYKING:**

Twee sake van verskillende aard word met mekaar vergelyk as gevolg van een of meer ooreenkomste, kenmerke deur soos, nes, as, net soos ens. te gebruik. (*Man met flits r. 3 en 4*)

**➤ METAFOOR:**

Dit is eintlik 'n vergelyking sonder die woordjie soos. (*Hansie en Grietjie r. 3*)

**➤ PERSONIFIKASIE:**

Dit is wanneer ons aan die natuur, lewelose voorwerpe, diere en abstrakte begrippe die eienskappe van lewende wesens toeskryf. (*Hansie en Grietjie r. 11*)

**➤ SIMBOLIEK:**

Dit is die dieper betekenis van die gedig, m.a.w. 'n teken verteenwoordig 'n saak. So word 'n wit duif bv. as 'n simbool van vrede gesien. (*Skoppensboer*)

**➤ PROGRESSIE: (Vooruitgang)**

Om vorentoe te beweeg/verbeter. (*Man met flits r. 4, 8, 11*)

**❖ STYLFIGURE:****➤ KONTRASTERING:**

➤ Twee kontrasterende (teenstellende) gedagtes of woorde trek maklik die aandag. (*Herinneringe r. 13 en 14*)

**➤ ANALOGIE:**

Daar is 'n ooreenstemming tussen die werklikheid en 'n sprokie wat in alle opsigte verskil. (*Hansie en Grietjie*)

**➤ PARADOKS:**

Dit is 'n skynbare teenstrydigheid waarin eintlik 'n dieper waarheid skuil.

*"Stilbly is ook 'n antwoord"*

**➤ HIPERBOOL (oordrywing)**

Wanneer 'n spreker of skrywer iets oordryf of vergroot vir die effek.

*"Ek het my morsdood gesukkel"*

*"Ek het jou al 'n duisend keer gewaarsku"*



- **LITOTES:**  
Byna die teenoorgestelde van die hiperbool. Die waarheid word verklein, om dit uit te hef of uit beskeidenheid.  
“My ou boeke het darem opslae gemaak”
- **EUFEMISME (verbloeming, versagting)**  
Die onaangename word op [n mooi manier gestel.  
“Rachel hoor haar kinders huil – hul is nie meer”
- **IRONIE:**  
Op spottende wyse word die teenoorgestelde gesê as wat bedoel word.  
“Dis vrede nou! Kom skree – of is jy hees van lag”
- **HERHALING / REFREIN:**  
Herhaling van onder andere heffinge en dalinge, klanke, woorde, sinskonstruksies, verse, strofes om die indruk te versterk en klem te plaas.(*Man met flits r. 11 en 12*)
- **ONOMATOPEE (klanknabootsing)**  
Dit is wanneer ‘n geluid weergegee word in die vorm van ‘n woord.  
“Die bye zoem”
- **ELLIPS:**  
Die weglating van woorde om ‘n gedagte te laat aangaan of dit laat die leser aan sy eie gedagtes oor. (*Waarom is ek tog ‘n gewone man r. 3*)
- **INVERSIE:**  
Daar word van die gewone woordorde afgewyk om klem op sekere woorde of sinsnede te laat val, of om die rymorde te behou.  
“waar sy lippies, jonk en teer hul eerste gebedjie het geleer”
- **SATIRE:**  
Dwaashede en wanpraktyke van die mens word aan die kaak gestel in ‘n literêre werk.
- **DUBBELSINNIGHEID:**  
Soms kan een sin so gestel word, sodat dit op verskeie maniere geïnterpreteer kan word.

❖ **DIGVORME:**

**DIE SONNET:**

Bestaan uit 14 versreëls.

**ITALIAANSE SONNET:****Uiterlike bou:**

- 14 Versreëls.
- Opgebou uit twee kwatryne.
- Twee kwatryne vorm 'n oktaaf en twee tersines vorm 'n sestet.
- Tussen die oktaaf en die sestet bestaan daar 'n skeiding.
- In die oktaaf kom omarmde rym voor, terwyl daar in die sestet afwykings voorkom.
- 

**Innerlike bou:**

- Oktaaf: uiteensetting.
- Sestet: wending; op hierdie punt tree die toepassing, Bespreking of verdieping in.

**ENGELSE SONNET / SHAKESPEARE SONNET:****Uiterlike bou:**

- 14 Versreëls.
- Drie kwatryne.
- Rymende koeplet.
- Kruisrym in kwatryne en paarrym in koeplet.

**Innerlike bou:**

- Die hele gedig is 'n deurlopende (onafgebroke) gevoelstroom of gedagtegang wat deur die kwatryne loop en 'n hoogtepunt in die eindkoeplet bereik, waarvan die kerngedagte uitgedruk word.

# GEDIGTE

## Toe jy kind was – N.P. van Wyk Louw

1. Toe jy kind was, het jy gedink:
2. daar sal groot dinge kom uit my,
3. groot dinge, grotes en goeies –
4. soos 'n seun moet dink, natuurlik.
5. En: die groot is gesplits, én die goeie,
6. nou:
7. en in plaas van net groot en net goed,
8. het daar verskriklikheid en eenvoud
9. en boosheid en eenvoud
10. en eenvoud en nederigheid
11. - gespikkelde sampioene,
12. deur die teer, uit die teer van die straat,
13. keiserlik rooi en wit
14. by die breuk uit wat jy is, kom peul.
15. Die aarde is nie eenvoudig.

*Uit: Groot Verseboek*

### Bespreking:

Dis die gewoonte en natuurlikste ding dat kinders in die jare van hulle onvolwassenheid die mooiste ideale koester en wonderlike toekomsdrome droom. Moontlik is dit veral die geval by seuns. In dié drome en idealistiese vergesigte is die EK (die ego) in die sentrum. Dis wat die digter in die eerste vier reëls sê. Later in 'n mens se lewe kom die teenstellende ondervindings, die teenstrydighede en smartlike ontdekkings, onder andere van die greep wat die Bose op 'n mens het en van menslike beperkinge. Die pragtige gespikkelde sampioen (wat in feë- en kabouterverhale so aantreklik lyk), wat op onverwagte plekke sommer oornag sy verskyning kan maak, is soms dodelik giftig! En dit is in 'n sekere sin die simbool van wat met die mens die geval is. Hy kan goed wees en tegelyk boos; nederig en eenvoudig en tegelyk aaklig trots. Die slotsom: Dit is alles so ingewikkeld. Daarom ook die slotreël: "Die aarde is nie eenvoudig".

*Opmerking: "gespikkelde" (r. 11) is dieselfde as "gespikkelde".*

### Vrae:

1. Gespikkelde sampioene, keiserlik rooi en wit, peul by die breuk uit wat JY is. Probeer dit verklaar.
2. Is dit die aarde wat nie eenvoudig is nie? Hoe dan?
3. Hier is nie EINDRYM aanwesig nie. Wat noem ons sulke verse?
4. Op grond waarvan kan ons "Toe jy kind was" nogtans 'n gedig noem?
5. N.P. van Wyk Louw heg klaarblyklik groot waarde aan die korrekte en funksionele gebruik van LEESTEKENS. Hier is voorbeelde van die sinvolle

gebruik van dubbelpunte (r. 1, 5, 6), die rusteken of aandagstreep (r. 3, 11), die klemstrepie (r. 5), skuinsdruk (r. 14). Waarom gebruik hy hierdie tekens?

### Hansie en Grietjie – Eveleen Castelyn

1. daar was eendag 'n woud
2. aan die kant van die son,
3. die maan is 'n flou olielamp,
4. saans brand honderde kersies,
5. die volgende môre word die kindertjies
6. afgelaai by die heks se huisie
7. hulle huil tot vanaand
8. na-vyf, na-werk kom die
9. stiefmammies en –pappies hulle haal
10. met 'n ysterswaan
11. die nuutste model blaas rook
12. en jaag oor rivier teer
13. tot by kelders parkering
14. dan word hulle opgehys
15. gebad en gevoer in 'n hok
16. moet hulle soet gaan slaap
17. eennag het hansie en grietjie
18. weggeloop, bo-oor die tralies geklim
19. en fyn en flenters geval
20. op die paadjies sement
21. ver van die huis af

*Uit: Groot Verseboek*

### Bespreking:

In die gedig word daar 'n analogie getref tussen 'n sprokie en die hedendaagse werklikheid. Dit is veral effektief omdat die rol van kinders in ons moderne samelewing beskryf word. Die woud waarna daar verwys word in die eerste reël is 'n stad wat weggekeer is van die son (aan die kant van die son). Die twee kinders lewe dus in 'n donker, bedrukkende omgewing. Hierdie gedagtes word verder uitgebou deur die reël “die maan is 'n flou olielamp”, met ander woorde nie 'n helder romantiese maan nie. Die honderde kersies wat saans brand is 'n verwysing na al die flou liggies in die stad.

Die kindertjies word in die oggend by 'n kleuterskool afgelaai waar hulle nie wil wees nie, daarom word dit “die heks se huisie” genoem. Hulle is ongelukkig daar en huil totdat hulle ouers hulle na werk kom haal. Die verwysing na “stiefmammies en –pappies” moet nie letterlik opgeneem word nie, maar die implikasie is eerder dat hulle stief genoem word op grond van hoe hulle hul kinders amper as vreemdelinge of stiefkinders hanteer. Die “ysterswaan” is 'n beeld wat uit die wêreld van die sprokie geneem is en hierdie beskrywing van 'n moderne motor wat rook maak en oor riviere van teer jaag, vorm 'n teenstelling met die idilliese beeld van 'n swaan op 'n rivier. Die kinders word na hul woonstelblok teruggeneem waar hulle in die kelder

parkeer en in die hysbak klim en na hul woonstel gaan. Hulle word letterlik “opgehys” na waar hulle in ‘n “hok” moet gaan slaap (hulle klein kamertjies).

Die kindertjies probeer dan wegloop omdat hulle so ongelukkig is, maar omdat hulle nie as kinders toegerus is om hierdie genadelose lewe alleen te hanteer nie, val hulle “fyn en flenters op die paadjies sement”.

**Vrae:**

1. Wat is die woud waarna daar in r. 1 verwys word?
2. Verduidelik “aan die kant van die son”.
3. Watter ander versreël sluit by vraag 2 aan?
4. Wat is “die heks se huisie”?
5. Waarom praat die gedig van “stiefmammies en –pappies?
6. Haal al die dinge uit die gedig aan wat daaraan ‘n sprokiekwaliteit gee.
7. Stel die laaste vyf reëls in jou eie woorde.
8. a. Wat is analogie?  
b. Tussen wat word daar ‘n analogie getref?
9. Waar leef die twee kinders?
10. Verklaar die koppelteken in r. 9.
11. Verklaar r. 5.
12. Waarvan is die “ysterswaan” r. 10 ‘n beeld?
13. Waarmee vorm “ysterswaan” ‘n kontras?
14. Verklaar die letterlike betekenis van “opgehys” in r. 14.
15. Wat simboliseer tralies in r. 18?
16. Wat word bedoel met r. 20 en r. 21?
17. Deur middel waarvan word die verhaalelement verkry in die gedig?
18. Verklaar die metaforiese vergelyking in r. 3.
19. R. 10 – 12 is in teenstelling met die idilliese beeld van die swane.

Verduidelik.

20. Haal ‘n frase aan wat die gedagte van gevangenskap verskerp.
21. Verklaar die slotreël.
22. Wat is die aanklag in hierdie gedig?

**Waarom is ek tog 'n gewone man – M.M. Walters**

1. Waarom is ek tog 'n gewone man
2. wat gewoon doen en voel
3. oor doodgewone dinge ...
  
4. Ek bely nie die kultuur luid
5. in die voorste ry nie behoort nie
6. aan selektiewe klubs groepe gildes
7. of bewegings nie ook die kuns
8. is gewoon varkvet en brood vir my.
9. Ek dra nie baard nie
10. ek hou die hare uit my nek
11. ek wil nie hippie wees nie.
12. ek dra skoene en ek was my voete.
13. Ek is getroud
14. met 'n mooi vrou en twee kinders
15. en voel tevrede
16. ek hyg nie agter hoertjies nie.
  
17. My dogter se vel is fyn en wit
18. en daaroor verheug ek my
19. Haar oë is blou poele diep
20. tot in die koeltes van 'n ver Noorse verlede.
21. Sy dra die blonde vlegsels van godinne
22. Wat vangnet word betowering
23. herinnering aan riddereer en trotse ideale.
24. My seun my seun!
25. Hoe kan my woorde jou ooit
26. ander waardes leer!
  
27. Maar die een wat die poësie bedryf
28. moet deesdae sonderling wees:
29. moet ledig langs riviere dool
30. wandelaar in wêreldstede
31. onteien wees internasionaal boheems
32. in koffiekroeë gedigte lees
33. met baie trane en gebare ...
  
34. My voorgeslag kom (ongelukkig) uit die Noorde
35. moes in die koue aarde boor om te bestaan
36. en later was hul dankbaar vir die son en sweet
37. vir hierdie land se buk
38. en beur wat sterk maak.
39. Pap armpies en 'n siek gesig
40. aanstellerige pakaters
41. was nooit embleme waarmee jy spog
42. onder my mense nie.
  
43. Parys?
44. Waar kom die mode tog vandaan
45. dié sug van anderman-s'n-oor-die-water-
46. is-veel-beter? Wat myne is

47. is goed en dis vir my die beste.  
48. Ek stap dankbaar deur my land  
49. my deel van Afrika.
50. Die Seine?  
51. Hoe kan ek liries skrywe oor die Seine  
52. as die maan koud skyn  
53. en hierdie blou vallei omskep tot sprokiesland:  
54. daar gunter in die mistigheid kastele  
55. langs die donker Straat van Paardeberg  
56. en langs die kronkeling van die blink rivier  
57. donker woude  
58. waar ridders en hul maagde dwaal.  
59. Of selfs meer nugter in die son:  
60. as ek die Karoo se droë peperbessies vryf  
61. en met my neus proe  
62. aan die vrunk en bitter vruggies  
63. van die droogte.
64. A my land!  
65. Maar nee dit is ook te gewoon  
66. dat ek oor jou sal skryf.  
67. Ek moet opsluit poëties raak  
68. oor ander vreemder dele ...
69. Maar u sien:  
70. ek skryf daremoor myself  
71. miskien help dit.

*Uit: Heimdall, 1974*

### **Bespreking:**

Die gedig bestaan uit nege strofes en daar is geen rymskema teenwoordig nie. Die digter maak gebruik van oop spasies tussen woorde om sy verskonende onsekerheid weer te gee.

Die spreker is ondersoekend, byna verwyttend omdat hy net 'n gewone man is. Hy sê dat hy nie kultuur bely nie en dat sy voorkoms doodgewoon is. Sy hare is nie lank soos die hippies s'n nie. Hy is 'n gewone gesinsman wat getrou is aan sy vrou.

Hy is trots op sy dogter se Noorse voorkoms. Sy word vir hom soos 'n Middeleeuse godin wat op haar ridder wag. Hy leer ook vir sy seun hierdie edel waardes aan. Die spreker verwys waarskuwend na sy dogter se hare wat 'n vangnet word – hare verlei mans. Aan die ander kant het hy reeds gesê dat hy self nie lang hare dra soos die hippies nie. Die waarskuwende “My seun my seun” verwys na die Bybelse “Absalom, my seun, my seun!” Dit is die woorde wat koning Dawid gesê het net nadat hy verneem het dat sy seun Absalom dood is. Die Bybel sê dat Absalom se kop aan 'n boom vasgehaak het toe hy op 'n muil onder die digte takke deurgery het. Absalom het vermoedelik lang hare gehad en dus het hy aan sy hare bly hang aan die boom. Die spreker se versugting sou hier kon beteken dat sy seun lang hare gehad het.

In strofe 4 skuif die aandag teenstellend na die optrede van die digters van daardie tyd. Dit was gewild vir digters om oorsee te gaan en in wêreldstede soos Parys rond te hang en die kuns te bedryf. Hier bespiegel die spreker oor sy andersheid – hy volg nie die algemene optrede en gedrag van sy mede-digters nie. Hy skryf ook sy andersheid toe aan sy Noorse herkoms. Hy bevraagteken Parys as gewilde plek van samekoms vir die digters van die wêreld. Hy bevraagteken ook die rivier (Seine) in Parys, Frankryk as bron van inspirasie vir digters. Hy sê dan prontuit dat hy onder andere sy inspirasie uit die Karoo kry.

Hy lewer kommentaar op ander digters wat dink dit is te gewoon om oor Suid-Afrika te skryf. In die slotstrofe is die spreker half verskonend dat hy, soos ander digters, tog ook oor homself skryf, wat hom in daardie opsig 'n gewone man en gewone digter maak.

### Vrae:

1. Wat bereik die skrywer deur nie 'n vraagteken aan die einde van die titel te plaas nie?
2. Watter verstegniese middel gebruik die digter in strofe 1 om vir die leser te sê dat hy nie 'n antwoord op sy vraag het nie?
3. Wat suggereer die oop spasies tussen die woorde in strofe 2?
4. Wat bedoel die spreker met “die kuns / is gewoon varkvet en brood vir my” (r. 8)?
5. Hoe verskil die spreker se voorkoms van die tradisionele hippie-voorkoms?
6. Hoe verskil die spreker se sedelewe van dié van die hippies?
7. Watter Bybelfiguur word in gedagte geroep met die uitroep “My seun my seun!” (r. 24)?
8. Verduidelik die beeldspraak in “wat vangnet word” (r. 22).
9. Stem die spreker daarmee saam dat digters sonderling moet wees om goeie gedigte te skryf? (Vgl. Stof 4).
10. Skryf 'n woord uit strofe 3 neer wat aandui watter karaktereienskap na vore kom in “was nooit embleme waarmee jy spog / onder my mense nie” (r. 41, 42).
11. Hoekom koppel die skrywer die woorde “anderman-s'n-oor-die-water- / is-veel-beter” (r. 45, 46)?
12. Die eerste Walters met die name Matthys Michielse het die plaas Paardeberg naby Malmesbury besit. Die Walterse het hulle in die Swartland en in die omgewing van Riebeek-Wes en Riebeek-Kasteel gevestig. Hoe weerklink hierdie laaste pleknaam in strofe 7 van die gedig?
13. Watter gevoelswaarde lê opgesluit in die verkleiningsvorm “vruggies”? (r. 62)
14. Motiveer uit die slotstrofe dat die spreker respek het vir die mense wat sy poësie hoor of lees.



**Herinneringe – Koos du Plessis**

1. Jou beeld is 'n verflenterde foto
2. in 'n skewe, versplinterde raam
3. en 'n sestal geskommelde letters
4. spel jou tweelettergeregige naam.
  
5. Jou woorde is dor manuskripte
6. vir die motte bewaar op die rak
7. en ons dae 'n kralesnoer syfers
8. op 'n outydse muralmanak.
  
9. Jou oë was die kleur van die aarde,
10. van saffier, van smarag of agaat,
11. en jou stem 'n ontwykende deuntjie
12. gevang in 'n stukkende plaat.
  
13. vergete is die lag in jou oë
14. of die tranespoor oor jou wang,
15. maar soms in die nanag onthou ek
16. hoe diep ek na jou kon verlang.
  
17. Want wat ek vir altyd wou vashou,
18. het die tyd uit my hande laat gly
19. en wat ek so graag wou vergeet het,
20. is vir ewig gebalsem in my.

*Uit: Om jou verlaas te groet, 1985*

**Bespreking:**

Die spreker praat met 'n gewese geliefde, wie se verhouding met hom reeds geruime tyd verby is. Hy onthou hoe belangrik sy in die verlede vir hom was, maar beseft dat daar nou net dooie herinneringe aan die verhouding bestaan.

Die titel en die tema sluit direk aan by die spreker se gedagtes en hartseer oor 'n eens belangrike verhouding waarvan slegs lewelose herinneringe nou bestaan.

Die hartseer stemming sluit aan by die spreker se gevoelens oor die verlies van die verhouding.

**Vrae:**

1. Wie word aangespreek in die gedig?
2. Haal drie beskrywende woorde uit r. 1 en 2 aan wat by die verbroke verhouding aansluit.
3. Kyk na die tyd waarin strofe 3 en 5 geskryf is en lewer kommentaar op hoe en waarom dit van die ander strofes verskil.
4. Verduidelik wat met r. 5 en 6 bedoel word.

5. Watter leidraad is daar in strofe 3 dat die aangesprokene baie vir die spreker beteken het?
6. Verduidelik die metafore in die volgende versreëls:
  - a. “Jou beeld is ‘n verflenterde foto” (r. 1).
  - b. “en ons dae ‘n kralesnoer syfers” (r. 7).
  - c. “en jou stem ‘n ontwykende deuntjie” (r. 11).
7. Hoe weet ons dat die verhouding ‘n geruime tyd gelede tot ‘n einde gekom het? Gee ‘n bewys uit strofe 4.
8. Watter twee pare woorde in strofe 4 vorm ‘n kontras met mekaar?
9. Op watter twee maniere word “vashou” en “gly” in die slotstrofe beklemtoon?
10. Met watter woord vorm “vergeet” ‘n teenstelling?
11. Verduidelik die slotversreël.
12. Tot watter slotsom kom die spreker in die slotstrofe

### Man met flits – D.J. Opperman

1. In die klein wit kol
2. van my wete stol
  
3. bruin en skerp ‘n klip
4. soos ‘n bok wat skrik,
  
5. staan, vinnig wegghol
6. uit die klein wit kol.
  
7. Aan ‘n takkie hang
8. twee ogies wat bang
  
9. uit die klein wit skyn
10. van my flits verdwyn.
  
11. Oor waters wat glip
12. soek ek klip na klip
  
13. maar ‘n duister land
14. bedreig my alkant.

*Uit: Negester oor Ninevé, 1947*

### Bespreking:

Op ‘n letterlike vlak beskryf die gedig ‘n persoon wat sy pad met net ‘n flitslig in die donker van klip tot klip oor ‘n stroom moet vind. Op ‘n dieper vlak is die spreker se wete soos ‘n flits wat lig in die duister werp en gebruik word om sin te maak uit die chaos.

Die titel fokus die aandag op die twee belangrike aspekte in die gedig – die mens en die flits, of die wete/intellek – wat lig verskaf. Die afwesigheid van ‘n lidwoord voor “man” sluit aan by die feit dat die man die universele mens is. (Nie ‘n spesifieke man nie)

Die tema is dat die mens sy intellek/wete gebruik om sin uit die chaos om hom te probeer skep.

Die spanning tussen lig en donker is deurgaans aanwesig. In die eerste twee beelde word die klein wit kol of skyn genoem, maar in die derde beeld is die donkerte die sterkste krag en oorheersend.

Die beskrywing van die soeke na vastigheid lei tot 'n **stemming** van onsekerheid.

**Vrae:**

1. Hoe sluit die titel van die gedig by die tema aan? Bespreek.
2. Ontleed die metafoor in strofe 1.
3. Wat is die funksie van die alliterasie in strofe 1?
4. Bespreek die vergelyking in strofe 2.
5. Ontleed hoe die herhaling van "klein" en "wit" by die tema aansluit.
6. Verduidelik twee tegnieke wat in strofe 4 gebruik word om onsekerheid oor te dra.
7. Lewer kommentaar op die gebruik van "skyn" in strofe 5.
8. Bespreek die eindrym in strofe 6.
9. Verduidelik kortliks die progressie van "bok" na "ogies" na "waters".
10. Bespreek die slot van die gedig.



**Skoppensboer – Eugène N. Marais**

/

1. 'n Druppel gal is in die soetste wyn;
2. 'n traan is op elk' vrolik' snaar
3. in elke lag 'n sug van pyn,
4. in elke roos 'n dowwe blaar.
5. Die een wat deur die nag
6. ons pret beloer
7. en laaste lag
8. is Skoppensboer.

//

9. Gewis en seker is die woord:
10. die skatte wat ons opvergaar,
11. ondanks die sterkste slot en koord
12. word net vir mot en roes bewaar.
13. Net pagters ons
14. van stof en dons
15. om oor te voer
16. aan Skoppensboer.

///

17. Die heerlijkheid van vlees en bloed;
18. die hare wat die sonlig vang
19. en weergee in 'n goue gloed:
20. die dagbreek op elk' sagte wang
21. en oge vol van sterreprag
22. is weerloos teen sy groter mag.
23. Alreeds begint die rimpel sny;
24. oor alles hou die wurm wag
25. en stof en as is al wat bly:
26. Want swart en droef,
27. die hoogste troef
28. oor ál wat roer,
29. is Skoppensboer.

**IV L'Envoi**

30. Gewis is alles net 'n grap!
31. Ons speel in die komedie mee
32. geblinddoek met 'n lamfer-lap
33. wat selfs die son 'n skadu gee.
34. Wat treur ons tog?
35. Viool en fluit maak nog geluid;
36. en lank die nag wat voorlê nog.
37. Al kan ons nooit volmaaktheid raak,
38. nog blink die oog en gloei die huid
39. wat heel die winter blomtyd maak.
40. Dus onverlee
41. lag ons maar mee
42. met elke toer
43. van Skoppensboer!

*Uit: Versamelde gedigte, 1936*

**Bespreking:**

Die titel “Skoppensboer” sinspeel op ‘n kaartspel en daar is in die gedig die suggestie van plesierige, nagtelike aktiwiteite waaronder ‘n dobbelspel met kaarte sou kon tel. Tog realiseer die kaartspel nie in die gedig nie. Skoppensboer word wel simbool van die altyd wagtende dood, die “opheffer” van alle aardse en vleeslike belange.

Die spreker verdedig die argument van die Prediker: Alles is tevergeefs. Alles is ydelheid. *Carpe diem* (geniet elke dag), maar gryp in hierdie geval die nag solank die “nag” nog hou!

Die Tema: Alles in die lewe is tydelik en futiel (betekenisloos), “weerloos” (r. 22) teen die “groter mag” van dood waaraan elkeen van ons uitgelewer is. Of: Die lewe is eintlik ‘n “komedie” (r. 31) en as ons dit nie raaksien nie, is dit omdat ons “geblinddoek met ‘n lamfer-lap” (r. 32) daaraan meedoen. Die beste wat ons kan doen, is om saam met Skoppensboer te lag.

Die toon van die spreker is fatalisties: Geniet wat jy kan, terwyl jy kan, want môre is dit te laat!

**Vrae:**

1. Waarop sinspeel die titel van die gedig?
2. Hoe sluit die titel dus aan by die inhoud van die gedig?
3. Aangesien daar in die gedig geen direkte verwysing na ‘n kaartspel voorkom nie, moet “Skoppensboer” verteenwoordigend wees? Motiveer jou antwoord uit die teks.
4. Die Bybelse word by die gedig betrek deur die verwysing na “skatte” (r. 10), “mot en roes” (r. 12) en “stof” (r. 14). Lees Matt. 6:19 – 20 en Gen. 3:19 en verduidelik dan die Bybelse verwysing in strofe 2.
5. Hoe sluit strofe III aan by strofe II?
6. Wat is die “hoogste troef” in ‘n kaartspel?
7. Hoe word die kaartspelterm hier van toepassing gemaak?
8. Waarom kan ‘n mens beweer dat die slotstrofe (*envoi* – waar die koning of Goddirek aangespreek word in die oorspronklike ballades, ‘nverrassende wendingbring?
9. Hoe sien die spreker die lewe in die slotstrofe?
10. Waarom het, volgens die spreker, die “son ‘n skadu” vir die spelers in dié komedie”?
11. Waarmee, stel die spreker voor, troos die mens homself terwyl hy in die “komedie” meespeel?
12. Wat is die beste wat die mens kan doen volgens die slot-refrein?

**Ontvlugting – Ingrid Jonker**

1. Uit hierdie Valkenburg het ek ontvlug
2. en dink my nou in Gordonsbaai terug:
  
3. Ek speel met paddavisse in 'n stroom
4. en kerf swastikas in 'n rooikransboom
  
5. Ek is die hond wat op die strande draf
6. en dom-allenig teen die aandwind blaf
  
7. Ek is die seevoël wat verhongerd daal
8. en dooie nagte opdis as 'n maal
  
9. Die god wat jou geskep het uit die wind
10. sodat my smart in jou volmaaktheid vind:
  
11. My lyk lê uitgespoel in wier en gras
12. op al die plekke waar ons eenmaal was.

*Uit: Ontvlugting, 1956*

**Bespreking:**

“Ontvlugting” is veral bekend vanweë die voorspelling van haar (Ingrid Jonker) selfmoord op 19 Julie 1965 in die see by Drieankerbaai. Dis veral die slotkoeplet, “My lyk lê uitgespoel in wier en gras”, wat as voorspelling gelees kan word. Die gedig het dus 'n outobiografiese inslag.

Die spreker in die gedig probeer ontsnap uit 'n wêreld wat haar gek maak, alhoewel sy heelwat van haar gelukkige kinderjare op Gordonsbaai deurgebring het. Die gebruik van die aanwysende woord in “hierdie Valkenburg”, impliseer die spreker se beleving van die tyd in die inrigting as een van waansin en ongeluk. Strofe 1 eindig met 'n dubbelpunt wat vir die spreker die gelukkige kinderjare in Gordonsbaai oproep.

Die eerste herinnering wat opgeroep word, is die van 'n onbekommerde kind wat met “paddavisse” speel. Dié beeld suggereer die grootwordproses (van paddavis na volwassenheid as padda – kindwees na volwassenheid; 'n seksuele ontwaking; paradoksaal in die volgende versreël is die “swastikas” wat in die boom gekerf word, simbool van 'n lewensvernietigende ideologie (Hitler se weermag). Gewoonlik word liefdesimbole soos 'n hart of geliefdes se name in boombas gekerf.

Die tema: Alle pogings tot ontvlugting uit die beklemmende werklikheid van die hede eindig ironies waar dit begin het – terug by die herinneringe wat die hede ondraaglik maak.

**Vrae:**

1. Verduidelik die betekenis van die titel van die gedig.
2. Is die verwysing na Valkenberg in r. 1 letterlik bedoel? Verduidelik.

3. Wie is die spreker in die gedig?
4. Hoe/waardeur ontvlug die spreker uit “hierdie Valkenberg”? Motiveer.
5. Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van die eerste koeplet?
6. Waaroor handel die tweede koeplet?
7. Alhoewel daar nie volkome helderheid oor die oorsprong van die simboliek van die swastika is nie, word dit tradisioneel verbind met goeie geluk, ‘n lang lewe en vrugbaarheid. Die simboliek in ag geneem, waarom dink jy kerf die spreker “swastikas” in die rooikransboom?
8. ‘n Hond is tradisioneel simbool van getrouheid en lojaliteit. Aan wie/wat is die spreker getrou?
9. Waarom is dit ironies?
10. In feëverhale simboliseer die seevoël dikwels verlange na ‘n geliefde. Waarom sou die spreker haarself hier identifiseer met ‘n “verhongerd(e)” seevoël?
11. Watter verduideliking of uitbreiding volg op die dubbelpunt in r. 10?
12. ‘n Lyk is die liggaamlike oorblyfsel van ‘n gestorwene, hier ‘n geestelik gestorwene. Die vroeëre plekke van haar en haar geliefde se samesyn is nou haar graf. In die lig hiervan gesien, waarom sou jy sê is die titel van die gedig ironies?
13. Waarom is die gebruik van koelette met paarrym ironies?

### Onderwyser – Antjie Krog

1. Jy staan voor ons in die klas
2. by jou tafel, by jou moedertaal
3. by jou boeke, jou hoedjie en jou tas
4. Jy staan voor ons soos ‘n klein Jericho
5. en al het jy mure om jou gebou
6. dra jy tande van silwer en goud
7. en al het jy wagtters in al jou torings
8. bly daar ‘n Ragab in jou
  
9. Tog bly jy sterk,
10. al trek ons elke dag óm jou
11. met die ark van die jeug op ons skouers,
12. met trompette van ligsinnigheid voor ons monde
  
13. Tog bly jy werk,
14. al krummel jou mure op die sewende dag
15. al val jy vooroor op die aarde
16. jy sal nie kla oor jou lot
17. want Malherbe is jou here en
18. Totius jou god

*Uit: Dogter van Jefta, 1970*

### Bespreking:

Die spreker, ‘n skolier, vergelyk haar een onderwyser met die Bybelse stad Jerigo. Al verkrummel sy “mure” as gevolg van sy leerlinge se optrede, laat bring hy hom nie van stryk nie omdat hy sterkte put uit die digterhelde aan wie hy glo.

Al val sy leerlinge hom figuurlik aan met hulle jeugdige ligsinnigheid en dring sy verdediging binne, is die onderwysser se geloof in sy eie waardes en digterhelde so sterk dat sy leerlinge se optrede hom nie van stryk bring nie.

Die titel verwys na die onderwyser oor wie die hele gedig handel.

**Vrae:**

1. Watter leidrade is daar dat die persoon wat aangespreek word, 'n Afrikaanse onderwyser is?
2. Bespreek die funksie van die verkleiningsvorm in r. 3.
3. Bespreek wat die vergelyking in r. 4 oor die spreker se houding teenoor die persoon wat aangespreek word, toon.
4. Lewer kommentaar op die harhaling van "tog" en "al" in die gedig.
5. Watter aanduiding is daar in strofe 1 dat die aangesprokene nie as toeganklik beskou word nie?
6. Verduidelik die metafoer in r. 8.
7. Wat kan jy uit strofe 2 omtrent die leerlinge se optrede aflei?
8. Lewer kommentaar op die slot van die gedig.

**Verslag van 'n winterreis – W.E.G. Louw**

**I**

1. Die hanslam draf parmantig oor die werf
2. Hy's van vóór die winter en pronk en pomp
3. in elke hand. Dan kry hy koers,
4. somer skielik, deur die kniediep kweek van die vlei
5. na die langoor-boklammers rondom die kraal
6. en baljaar tussen stinkkruid en kiesieblaar.
7. Geskuil agter die graskoppie lê
8. 'n water waaroor twee bleshoenders drywe;
9. en nóg nader aan die Rôeveldsrand
10. word die lug byna deurskynend yl.
11. As mens op die hoogste krans staan en afkyk,
12. lê die Karoo dáár wasig en ver –
13. en oor die afgrond met onhoorbare vlerkslag
14. draai 'n berghaan en swewe swaai.

**II**

1. Die dassie wat doodgetrap is vanmôre
2. op die nasionale pad, lê stil.
3. Net die Rôeveld se skraal windjie waai
4. en roer saggies die haartjies oor sy rug.
5. 'n Kraai loer af van die telefoondraad
6. en kom pik die oë uit, die tongetjie
7. wat slap en rooi in die mondhoek lê.
8. In die tydloosheid van die Groot Karoo
9. word alles eindelijk opgelos:
10. die verroeste blik, die gebreekte fles,
11. in die boom waarin spinnekoppe boer,



12. selfs die gebolde blatjangbottel
13. word eindelijk gruis – blinker as Kristal,
14. maar nogtans, onherroeplik, gruis.

### III

1. Die ou pad het aangeleun teen die hange;
2. die rondings van die heuwels geken en gekry;
3. gekruip om die koppies van ysterklip,
4. deur verspoelde driwwe oor die Tankwarivier –
5. daar waar die Tuinplaas se mense gewoon het –
6. verdwaal tussen salie en ghoeniebosse;
7. maar altyd weer koers gekry oor die vlaktes,
8. gedryf deur 'n eie gevoel van wat hoort
9. Hy is sweerlik nooit op papier uitgeteken nie,
10. maar het ontstaan uit die behoefte van mense,
11. en daarom verbygedrentel by huisies
12. van klei, met twee peperbome,
13. by skaapwerwe vir die wintermaande,
14. waar die koffie altyd klaar op die Tessie staan.

### IV

1. Nie só die nuwe, die nasionale pad:
2. hy's reguit; hy loop met een lyn na 'n doel;
3. hy sny deur die hange, oorspan die riviere,
4. omseil die driwwe en doringboom-laagtes;
5. en, swart geteer, met wit stippellyne
6. wat tot strepe versnel, nou enkel, nou dubbel –
7. oor die hoogtes en rondom blinde draaie –
8. klim hy met fyn berekende hellings
9. uiteindelik die kranse en berge uit.
10. Hy ruik nie die kruiegeur in die klowe;
11. hy sien die gansies teen die gruisbank nie raak nie,
12. die beskeie froetang, die vygie, die aandblom;
13. maar voer jou teen sestig myl per uur
14. na die koue verlatenheid bo Verlatekloof.

### V

1. Altyd die eerste, reeds vér uit die vlakte,
2. kon 'n mens dié toring sien – 'n spits
3. hoër as alles oor hierdie ou dorpie;
4. met bo teen die randjie, net onder die dam;
5. omhein en afgewit, die skool;
6. daar was peperbome, sipresse en denne
7. waardeur die windjie smiddags suis.
8. Maar tóg 'n lewe: kliphuise, met heinings
9. netjies geknip ... Op 'n somermiddag
10. het ek as kind koffie gaan drink by tant Hillie,
11. aan die tafel met sy rooi plus en hanglamp daaroor;
12. die doilie om die suikerpot betas
13. van goue kraaltjie tot kraaltjie ... Net 'n vlieg
14. wat agter die luik roer teen die ruite.

### VI

1. Waar is die ruitjies van die plankstoepdeur.
2. rooi en blou en groen? Die tuin,
3. met sy heinings van sipres, 'n donker gang
4. wat oplei na die druiweprieel en dam?
5. Die agterplaas, met sy duiwehok,
6. sy balie, die warmte van blou gruis?
7. Die stal, met daarbinne, kragtig en swart,
8. die hings wat jou witoog aankyk in die donker?
9. Dis alles weg. Dis deel van 'n droom.
10. Dis reeds 'n gedig uit die kinderjare
11. van wie hier gewoon het 'n halfeeu gelede ...
12. Die hoofstraat lyk byna dieselfde, net geteer;
13. en saans word die lig aangeslaan by die kroeg,
14. by die petrolpomp en die polisiestasie.

## VII

1. Die ou plaas het vlak in die kom gelê,
2. uit albei streke – die klein Rôeveld se kant
3. en die dorp – nét agter die laaste bultjie;
4. met sy kliprondawel, die eerste ou langhuis,
5. die huis by die vlei en die modderdam,
6. die tuin, met sy voortjies met leiklip gevoer,
7. die dorsvloer en die kafhok. By die soldertrap
8. het Oupa soggens met sy lees gesit,
9. 'n velskoen gemaak en die bolear versigtig
10. met els en naairiempie vasgewerk,
11. terwyl ons in die peerboom soos vinke baljaar.
12. Dáár kon mens somers saffranpeertjies pluk
13. en slegs wie die hoogste tak kon klim –
14. tot by “Wyk se planke” – het hom baasgeraak.

## VIII

1. Dié Wêreld is vanmore weer wit geryp;
2. ysvarings blom binne teen die vensterruite.
3. By die wilgerboomdam staan die bome kaal
4. en die water self, as mens daaraan raak,
5. breek in splinters onder jou hand,
6. met barste wat verder en verder versprei.
7. Die trek is vanjaar maar weer uitgestel,
8. en die mense sit koulik rondom die kaggel
9. in die nuwe huis. Dis alles eenders,
10. maar anders: die groot huis is vol kaf gepak,
11. die slaapkamers, voorhuis, kombuis – selfs die es
12. waar Oupa teen skemer stories vertel het.
13. In dié koue kan byna niks bestaan nie –
14. Net die skraal klipblom wat aan die kraalmuur klou.

## IX

1. Twee tye het ongemerk onder die skrywe
2. verward begin raak – die verlede, die hede;
3. die oue vergete en glad verjaar,
4. die nuwe nog jonk en brutal – 'n patroon
5. so ingewikkeld verweef dat mens skaars,
6. as jy één draadjie beetgekry het,

7. dit end toe kan volg ... Alles was vroeër
8. nie beter nie: die liefde was koud;
9. en hier op dié dorp, op dieselfde plaas,
10. het die oumense met harde hand geheers,
11. besluit en beskik ... Maar terwyl ek nog skryf,
12. dwaal die hanslam te ver van die werf;
13. die kraai wat op die telefoondraad sit en wag,
14. vlieg af en pik albei sy oë uit.

*Uit: Vensters op die vrees, 1976*

### **Bespreking:**

Hierdie nege rymlose dele vorm saam 'n siklus. 'n *Siklus* is 'n reeks gedigte met 'n sentrale tema wat min of meer 'n aaneengeskakelde geheel vorm.

Deel I en II: Die eerste deel stel die lewe voor en die digter kry dit reg om die rustige *atmosfeer/stemming* van die Karoo te herskep deur middel van lang beskrywende woorde wat uit lang klanke bestaan.

Die III en IV: In hierdie twee dele word die ou pad teenoor die nuwe geplaas. Hier kry 'n mens ook die *kontras* in die vloeiendheid van die twee gedigte. Deel III het 'n rustigestemming wat saamgaan met die kronkelende pad. Die vierde deel se tempo is rukkerig en saaklik soos die pad – die effek word verkry deur baie van leestekens gebruik te maak en die sinne is kort.

Deel V en VII: Wanneer die digter ná “'n halfeeu gelede” weer die ou dorpie besoek, onthou hy dat die kerkoring altyd van ver af uitgetroon het en net daarna kon jy die skoolgebou raaksien. Hy onthou goeie ervarings, soos toe hy by tant Hillie gaan koffie drink het. Nou het baie dinge verander en baie dinge is nie meer daar nie. Tog kry die leser in die laaste drie versreëls van Deel VI al die suggestie dat verandering nie altyd sleg is nie.

Deel VII en VIII: In hierdie twee dele word daar na die plaas waar die digter grootgeword het, gekyk. Dit lyk bloot na 'n prentjie vol herinneringe, maar die gedagte van somer word subtiel ingebring. “Wyk se planke” verwys heel waarskynlik na 'n maaxsel van sy broer, die digter N.P. van Wyk Louw. Die *teenstelling* met die somer word in die eerste reël van Deel VIII bevestig: “Dié wêreld is vanmore weer wit geryp”, dan ook die verwysing na “ysvarings”, die “bome staan kaal”. Hoewel min verander het, is alles tog anders omdat die ou huis nou as pakplek en skuur dien. Die gedig sluit af met 'n gedagte wat aansluit by die tema van tot niet gaan: “In dié koue kan byna niks bestaan nie”.

Deel IX: In die laaste deel kom die digter tot 'n gevolgtrekking. In die beskrywing van die twee tye (destyds en vandag) het dinge verward geraak. In teenstelling met wat 'n mens gewoonlik dink, is die oue nie noodwendig beter as die nuwe nie. Hy illustreer hierdie verweefdheid deur die verbinding van die hanslam wat lewe voorstel, met die kraai wat die dood voorstel. Daarmee vind die laaste deel van hierdie siklus sinvol aansluiting by die eerste twee dele.

**Vrae:****Deel I en II:**

1. Wat beteken dit as mens sê die hanslam “is van voor die winter”?
2. Wat suggereer versreëls 8 en 9, Deel II?
3. Waarom word die aandagstreep in versreël 13 Deel II, gebruik?
4. Deel I en II handel oor dieselfde onderwerp, tog is daar ‘n aksentverskil in die soort dinge wat uitgebeeld word. Wat is hierdie verskil?

**Deel III en IV:**

5. Watter behoefte van die mense in Deel III (r. 10) is aangespreek in r. 11?
6. Verduidelik hoe kan ‘n stippellyn tot strepe versnel (Deel IV, r. 5 en 6).
7. Watter soort beeldspraak kry ons in Deel IV, r. 10? Waarom is dit in hierdie spesifieke voorbeeld so geslaagd?
8. Deel III word warm en menslik en Deel IV word koud en klinies uitgebeeld. Haal gedeeltes aan om dit te motiveer.

**Deel V en VI:**

9. Watter bewys is daar dat die skoolterrein “in die ou dae” baie goed versorg is?
10. Wat suggereer die ellips in Deel V, r. 9?
11. Die beginwoord van elkeen van hierdie twee dele staan in kontras. Verduidelik wat met elke woord gesuggereer word.
12. Wat is die funksie van al die vraagtekens in Deel VI?

**Deel VII en VIII:**

13. Waarna verwys die eerste woord van Deel VIII?
14. In hoe ‘n mate sluit hierdie deel aan by die titel van die hele siklus gedigte?
15. Verduidelik wat in r. 4 – 6 van Deel VIII gebeur.
16. Wat is die funksie van die alliterasie in r. 8 van hierdie deel?

**Deel IX:**

17. Waarna verwys r. 4?
18. Verduidelik hoe die laaste deel aansluit by die begin van die siklus



**Naskrif: 'n credo – Lina Spies**

1. Ek wil nog hê dat my verse “mooi” moet wees,
2. mooi soos *Blou see van denne teen die hang*
3. en *My nooi is in 'n nartjie*,
4. Soos Robert Frost en Emily Dickinson:
5. *The woods are lovely, dark and deep* en
6. *Heart, we will forget him!*
7. *You and I tonight!*
  
8. Ek wil hê dat “gewone” mense my poësie moet lees
9. en tog, ek hou nie van gewone mense nie:
10. van vrouens wat net babas kry
11. en mans wat saans 'n bier drink in die kroeg.
  
12. Ek hou van iemand wat oor dertig jaar
13. 'n roomys in die straat sal lek,
14. van 'n ongelowige wat sê soos by gebed:
15. “John McCormack sing soos Mozart se musiek”
16. terwyl dit buite reën
17. en 'n amandelboom spierwit in die vaalte staan.
  
18. Ek hou van jou wat sal kan sien
19. die liewe vrou, oud en gerimpeld,
20. lyk presies nes 'n parkiet.
  
21. Ek wil hê dat jy van my gedigte hou,
22. jy wat ongewoon en anders is
23. en tog gelukkig geen kenner van rym en metrum nie

*Uit: Digby Vergenoeg, 1971*

**Bespreking:**

'n Naskrif is 'n aantekening wat onderaan 'n brief bygevoeg word (PS). Die spreker in die gedig gee dus as naskrif haar persoonlike oortuiging en belydenis oor die wyse waarop die leser haar digkuns moet ervaar. Hierdie naskrif is 'n credo, wat beteken die gedig handel oor sake waaraan die spreker sterk glo.

Die spreker spreek die wens uit dat haar gedigte nog mooi moet wees en dat die aangesprokene, met wie sy sekere insigte deel en wat 'n ongewone mens is, van haar gedigte sal hou.

Die Tema: 'n Digter se wense oor hoe 'n spesiale leser haar gedigte en haar as digter moet ervaar.

**Vrae:**

1. Dink jy dit is aanvaarbaar dat daar aanhalings uit gedigte van ander digters in die gedig voorkom? Motiveer.
2. Verduidelik waar die spreker haarself aan die begin van strofe 2 weerspreek.
3. Lewer kommentaar op die betekenis van r. 12 en 13.

4. Na wie verwys die “iemand” in r. 12 heel moontlik?
5. Bespreek die funksie van r. 17.
6. Wie is die ou en gerimpelde vrou in r. 19 heel moontlik? Verduidelik.
7. Bespreek hoe die verwysing na ‘n parkiet (r. 20) by die res van die gedig aansluit.
8. Ontleed die verstegniese middele wat in r. 20 aangewend word.
9. Waardeur word dit duidelik gemaak dat die verskuns sentraal is in die gedig?
10. Hoe sluit die inhoud van die gedig by die titel aan?

### Sonsondergang op boulevard – Etienne van Heerden

1. dat juis jy
2. nou teken moes word
3. van die tye:
4. die een wat steeds lewend
5. gevonniss word tot die dood
6. in salonne van ‘n stad –
7. uitgestal op groenslaai
8. en vergesel van ‘n pikante rosé
9. ‘n maantjie suurlemoen
10. ‘n akkordeon die slanke pols
11. van ‘n vrou die selfversekerde geel
12. van ou ivoor ‘n snesie teen mondhoeke
13. vertroude woorde niks meer as gebare
14. tussen mense wat mekaar
15. inkennig reeds vir eeue begryp;
16. jy, klein diertjie
17. uit die sjampanje van Clifton
18. gehaal om elegant te sit
19. op die mooiste tafel:
20. ek eet jou met respek
21. ek weier die weemoed
22. ek verlustig my in die vrou
23. se fyn nek haar vinger strelend
24. teen die koel glas se steel.
25. jy is– terwyl die son op aandkwik dobber
26. en ons lui deur glas na buite kyk –
27. die laaste
28. en heerlikste kreef.

*Uit: Die laaste kreef, 1987*

### Bespreking:

Die titel van die gedig suggereer ‘n pragtig luilekker laatmiddag en die Franse woord “boulevard” sluit hierby aan omdat ‘n mens jou hierdie prentjie voorstel in ‘n hoogs gekultiveerde omgewing waar mense rustig en gemaklik lewe.

Die gedig begin deur ‘n ongedefinieerde “jy” aan te spreek. Dit skep spanning wat deur die loop van die gedig opbou totdat hy in die slot van die gedig ‘n “gesig” kry - die *jy* is “die laaste/en heerlikste kreef”.

Wanneer die spreker in r. 2 en 3 na die “teken ... van die tye” verwys, sluit dit aan by die gedagte van die laaste tye soos dit in die Bybel genoem word. Eers in die slot verstaan mens wat hierdie laaste tye van die kreef is – hy word lewend tot die dood gevonniss.

In aansluiting by die titel van die gedig, word hierdie vonnis van die kreef in die duur en vooraanstaande restaurante van die stede voltrek. Die kreef word pragtig uitgestal in slaaie en met delikate wyne bedien terwyl daar tipies kontinentale (Europese) musiek op die agtergrond speel. Net die beste eetgerei word gebruik en mense verstaan mekaar se gebruike en gewoontes. In r. 16 word die aangesprokene weer betrek. Hy kom uit die waters van Clifton om die mooi tafels te versier. Die spreker weier om weemoedig te raak en verlustig hom aan die geselskap terwyl die son besig is om onder te gaan oor die pragtigesee. Die sonsondergang kondig dan ook die einde van hierdie leefwyse aan. Dit is die einde van ‘n tydperk, want die Europeër het ‘n probleem met aanpasbaarheid – veral op die kontinent Afrika.

Die spreker maak deeglik gebruik van leestekens om die inhoud te verduidelik. Let op die verklarende funksie van die dubbelpunt in r. 3; die aandagstreep in r. 6 wat die klem op ‘n verdere uitbreiding van die stelling plaas; die kommapunt in r. 15 wat die einde van die eerste fase aandui voordat die aangesprokene weer genoem word; die dubbelpunt in r. 19 wat die spreker se mening in die volgende paar versreëls uithef; die parentese in r 25 en 26 wat die mensdom se houding te midde van alles beklemtoon.

### Vrae:

1. Waar bevind die spreker in die gedig hom? Motiveer.
2. Saam met wie bevind hy hom daar?
3. Watter tyd van die dag is dit?
4. Wie word in r. 1 aangespreek?
5. Wat is die funksie van die dubbelpunt in r. 3?
6. Hoe word die kreef ‘n “teken ... van die tye”?
7. Wat beteken hierdie versreël letterlik?
8. Waarna verwys “salonne van ‘n stad” (r. 6) in hierdie verband?
9. Op watter figuurlike wyse word die kreef ‘n “teken ... van die tyd”?
10. Hoe sluit “steeds lewend” (r. 4) hierby aan?
11. Waarna verwys die “akkordeon” (r. 10)?
12. Waarna verwys die “geel/van ou ivoor” (r. 11, 12)?
13. Watter soort geleentheid is hierdie? Motiveer.
14. Wat word gesuggereer deur die uitspraak dat hierdie ‘n ‘spel’ is “tussen mense wat mekaar/ ... reeds vir eeue begryp” (r. 14, 15)?
15. Waarom eet die spreker die kreef “met respek”? (r. 20)
16. Waarom “weier (hy) die weemoed”? (r. 21)
17. Waaroor sou hy weemoedig kon wees as hy wou?
18. Waarna verwys die “glas”?
19. Waarvan word die kreef ten slotte ook vir die spreker ‘n “teken”?
20. Wat is die implikasie van dié metafoer?

**Die Godsbesluit – J.D. du Toit (Totius)**

1. Voor die onheilswoning en
2. tussen die skaars-beblaarde
3. soetdorings staan, in droë aarde
4. maar lowergroen en blink van blad,
5. die wag-‘n-bietjie langs die pad.
  
6. Wanneer ek nader kom dan sien
7. ek dorings krom en reg;
8. ‘k sien takke inmekaar gedraai
9. en deurmekaar gevleg.
10. En wil ek in die blare gryp
11. of aan die takke breek,
12. dan tas ek in ‘n doringnes
13. wat vreeslik haak en steek.
  
- \*
  
14. Bo al u donker bome, o Heer,
15. groei my ‘n enk’le reusboom uit
16. dit is die wag-‘n-bietjie-bos
17. van u besluit.
18. Van ver so skoon, so groen, so blink ...
19. maar hoe verward
20. wanneer ek dieper kyk en dink
21. as wat ‘n sondaar pas.
22. En steek ek dan my hande uit
23. na u besluit,
24. dan gryp ek in die dorings vas.

*Uit: Passieblomme*

**Bespreking:**

Hierdie gedig is geskryf na aanleiding van die dood van twee van Totius se kinders. Sy jaaroud seuntjie is oorlede aan breinvliesontsteking en twee maande later is sy oudste dogtertjie deur die weerlig noodlottig getref terwyl hulle met vakansie op sy plasië naby Potchefstroom was.

Langs die pad tussen die soetdorings staan die wag-‘n-bietjie-bos met sy blink, groen blare in die dorre aarde. As ‘n mens die blare wil gryp of takke wil afbreek, beland jy in die inmeekaargevlegte massa dorings wat sonder genade haak en steek.

Totius vergelyk God se besluit met hierdie wag-‘n-bietjie-bos. Vir die gelowige Christen wat dit van veraf beskou, is dit so mooi en blink soos die blare van die wag-‘n-bietjie-bos, maar as hy dieper tas as wat dit ‘n gewone sterweling op aarde pas, sal hy nie sonder diep en pynlike wonde terugkeer nie.

Hierdie gedig word in drie afdelings onderskei:



**Die eerste gedeelte**, *Onheil*, het direk betrekking op die droewige gebeurtenisse self. Dis 'n afdeling waarin die gevoel van skok, pyn en verslaenheid die botoon voer.

**Die tweede afdeling**, *Onrus*, waaruit ook "Die Godsbesluit" geneem is, spreek van 'n worsteling om tot klaarheid te kom, tot insig in die onbegryplike bestel van dinge.

**Die derde afdeling**, *Berusting*, word dit duidelik dat die digter tot klaarheid en versoening kom in die aanvaarding van die dood en die kortstondigheid van die aardse bestaan.

Die talle enjambemente wat in die gedig voorkom, verleen 'n dringende gang aan die gedig. Ook die sterk ritme dra hiertoe by. Dit ondersteun die botsings (eers tussen die mens en die boom en dan tussen die mens en God se besluit).

Die inheemse bos, wag-'n-bietjie, word beeld van God se Raadsplan. Dit is 'n mooi boom, maar dit kan jou (vas)haak en selfs pynig (steek). Die boom se naam is ook haak-en-steek. God se Raadsplan is onverstaanbaar en daarom pynigend, maar 'n mens moet dit nie alles in sy verstand probeer deurgrond nie. Dus, is daar:

- botsende verskynings van die boom: van ver is dit mooi, maar van naby, in tye van "onheil", is dit pynigend.
- Botsende gesindhede by die aanskouer; aan die eenkant vra hy en wil hy weet, aan die ander kant besef hy dit is sonde om die Raadsplan van God te deurgrond.

In hierdie gedig word die digter se wanhoop gestel. Hier is egter geen uitdagende aanklag teen God nie – die wag-'n-bietjie se dorings steek net wanneer die mens die weë van God wil deurgrond. Die gedig is persoonlik van aard. Tog word dit deur die leser ervaar as 'n uitdrukking van sy eie gevoelens; dus van die gevoelslewe van die godsdientige mens in die algemeen.

### Vrae:

1. Indien die gedig met die digter se gevoel te make het, waarna sou "onheilswoning" verwys?
2. Watter woord in strofe 1 is in kontras met "skaarsbeblaarde" gebruik?
3. Watter soort beeldspraak is "wag-'n-bietjie-bos" (r. 16, 17) en dorings (r. 24)?
4. Die woordjie "reg" (r. 2) kan moontlik "reguit" beteken. Watter ander betekenis het die woord waarskynlik hier?
5. Probeer bepaal wat die funksie is van die asterisk tussen strofe 2 en 3.
6. Waarom word die raadsplan van God met 'n "wag-'n-bietjie-bos" vergelyk?
7. Verduidelik die laaste reël se betekenis.
8. Watter les het hierdie gedig ten opsigte van enige "sondaar"?
9. Watter woord dui op 'n tragiese gebeurtenis in Totius se lewe?
10. Waarom is die gedig se titel nie "Godsbesluit nie"?
11. Watter uitwerking het die gebruik van die teenstellende woord "maar" in r. 4?
12. Hoe word die wag-'n-bietjie onderskei van die ander bome in sy onmiddellike omgewing?

# ROMAN

## Fiela se kind – Dalene Matthee

### AGTERGROND:

God vergewe ons baie, maar God vergewe ons nie die kwaad wat ons 'n kind aandoen nie.

Aan die een kant van die berg, Lange Kloof, woon Fiela Komoetie, baie geheg aan haar "optelkind/hanskind" – deur die Here aan haar toevertrou ("toebetrou") een nag toe sy hom as driejarige gekry het waar hy voor haar deur staan en huil, 'n weggooilam. Aan die ander kant van die berg, in die Bos, woon die houtkapper Elias van Rooyen en sy vrou Barta, wie se driejarige kind weggeraak het.

Die een kind is Benjamin Komoetie (die naam wat Fiela hom gegee het toe hy by haar gebly het), die ander Lukas van Rooyen (sy oorspronklike naam by die Van Rooyens). Is dit dan dieselfde mens en kon so 'n klein kind so ver geloop het, uit die Bos tot in die Lange Kloof? Die antwoord op hierdie vraag word nege jaar later oopgekrap deur twee sensusmanne wat deur die Lange Kloof reis en die wit kind met die blou oë tussen die bruinmense kry.

Jare later is dit die vraag wat Benjamin/Lukas self vra: Wie is ek? Hy móét weet, anders kan die vrou wat hy liefgekry het, nooit syne wees nie. Die antwoord is daar, weet hy, iewers in homself, diep verskuil in die verlede, bly dit hom ontwyk.

### TITEL:

Uit die titel kan ons reeds sien dat daar twee karakters is wat uitstaan naamlik, Fiela en Benjamin. Sy uiteindelijke keuse kan ook reeds in die titel waargeneem word; hy verkies om Benjamin Komoetie, Fiela se kind, te wees.

### TEMA:

In hierdie verhaal is dit duidelik dat die mens uitgelewer is aan die genade en besluit van ander mense. Deur besluite wat geneem word, word die karakters se lewensbeheer, want net "*die mens het skynbaar 'n keuse – om te vernietig of nie*" (bl. 312).

- Fiela moet gebukkend gaan onder 'n sisteem wat deur mense daargestel is, om te besluit dat 'n wit kind nie deur 'n bruin vrou grootgemaak mag word nie.
- Sy kom in opstand teen hierdie sisteem en word dan gestuit deur die besluite van die sensusmanne, die magistraat en selfs "baas" Petrus.
- Die mens vernietig dus die verhouding tussen 'n kind en die vrou wat hy as moeder geken het.
- Met die sensusmanne se besluit om Benjamin se bestaan te rapporteer, verander sy lewe traumaties met die bevinding van die magistraat, dat hy die Van Rooyens se kind is.

- Die lang man identifiseer die “*een met die blou hempie aan*”, aan Barta wat ingrypende gevolge sou hê. “*Een man se woord en die kind is Lukas van Rooyen*” (Bl. 312).
- Nina word uitgelewer aan ‘n geweldadige pa wat haar inbreek, maar nie verslaan nie. Sy beland op die dorp waar sy vry voel en ook vry van die mag van haar pa. Onder die invloed van mej. Weatherbury ontwikkel sy tot ‘n mooi jong vrou. Die mens (mej. Weatherbury) het in hierdie geval opgebou en nie vernietig nie. Selfs Kaliel is vasgevang in die vooroordeel van mense. Sy skeel oë het sy lot by die matrose bepaal. Geen skip wou hom aanvaar nie en sy jammerlike pogings om die lotsgebondenheid te omseil, is nie suksesvol nie. Sy pogings om die waarheid te omseil, word na maande op die see en wegwees ontbloot en hy keer terug as ‘n sieklike, maer man.

### INTRIGE:

Die intrige van ‘n verhaal word gevorm deur konfliktsituasies wat tot ‘n klimaks gevoer word en tot die ontknoping/oplossing lei. Die gebeure in *Fiela se kind* draai hoofsaaklik om Benjamin Komoetie.

- As driejarige word hy in ‘n bruingsesin, Komoetie, se huis’houding opgeneem.
- Op twaalfjarige ouderdom word hy aan Blanke boswerkers teruggegee wat hom as hulle verlore kind herken.
- Hy ondergaan in die Blanke huishouding ‘n identiteitsverandering want sy naam verander nou na Lukas van Rooyen.
- Hy ondergaan emosionele ontwrigting, tydelike berusting en dan ‘n soeke na sy ware identiteit.
- Konflik ontstaan tussen Fiela en die sensusmanne, die magistraat en ‘n onregverdige sosiale sisteem as gevolg van haar liefde vir Benjamin en om hom te behou.
- Lukas beleef konflik omdat hy weier om sy nuwe omgewing en identiteit te aanvaar.
- Hierdie konflik lei tot spanning tussen hom en die bosmense, veral Elias van Rooyen, wanneer hy as volwassene sy rug op die bos keer.
- Nog spanning word veroorsaak deur sy verbode liefde vir sy suster.
- As gevolg van sy onsekerheid van sy identiteit, ontstaan daar konflik tussen hom en Barta omdat hy die waarheid omtrent sy herkoms wil weet.
- In haar erkenning dat sy die verkeerde kind gevat het, word hierdie konflik ontknoop en sy aanvaarding dat hy kan wees wie hy wil wees.
- Hy kies om Fiela se kind te wees.

### RUIMTE:(GEOGRAFIES)

#### Lange Kloof

- Benjamin word op twaalfjarige ouderdom, sonder keuse, uit die Lange Kloof geruk.
- Sekuriteit, liefde en aanvaarding word vervang met vrees, verwerping en misbruik.
- Hy keer weer vir die eerste keer terug na Lange Kloof as volwasse man, ná die dood van Dawid.

- Lange Kloof het na verloop van jare, vir hom 'n tuiste gebly. Sy woorde aan Fiela: "*Di" dag toe ek teruggekom het, het ek geweet ek is weer by die huis*"(Bl. 274).
- Hy verlaat Lange Kloof vir 'n tweede keer uit vrye keuse om by Barta die waarheid vas te stel.
- Sy liefde vir Nina laat hom terugkeer see toe. Sy lewe sal draagliker wees met haar as sy suster, as 'n lewe sonder haar.
- Hy keer uiteindelik weer terug Lange Kloof toe as Benjamin Komoetie en nie Lukas van Rooyen nie.

### Knysnabos

- Die verandering van Ruimte het 'n ingrypende invloed op Benjamin se lewe.
- Van "bruin" Benjamin Komoete, word hy die wit Lukas van Rooyen en hy verloor sy besittings en identiteit.
- Hy moet harde hande-arbeid verrig en die Bos word vir hom 'n emosionele en geestelike gevangeneskap.
- Hy het eers die Bos gevrees, maar het later "*gewoond geraak aan die Bos, geleer om dinge te begryp en te aanvaar*"(Bl.202). "*Hy het op sy eie manier lief geword vir die Bos*", "*In die Bos het hy geleer dat ongelukkigheid iets is waaraan jy gewoond raak of dat dit later verbygaan*" (Bl. 204).
- As volwassene moet hy in die Bos bly totdat Kristoffel terugkom huis toe en die laaste twee dae voel vir hom "*soos die laaste uitdien van tronktyd*" (Bl. 283).

### Die see

- Lukas betree hierdie ruimte uit vrye keuse.
- Hy voel aangetrokke tot die see, omdat hy as jong seun altyd deur die skuite gefassineer is.
- Hy kom weereens in opstand toe hy vir die eerste keer kennis maak met die see. *Die vreemdste soort lekker het deur sy lyf getrek ... Daar was iets aan daardie dooie skip wat sy hele wese geraak het*" (Bl. 207).
- Hy kon die verset wat in hom opgekom het, nie verstaan nie en hierdeur, bereik sy besluit die toppunt. "*Ek is klaar met die Bos*" (Bl. 223). Die besluit is vir hom 'n "*gryp na iets wat besig was om verby hom te kom, en hy het geweet as hy dit misgryp, sou hy moes omdraai huis toe en dit sou die opstand bring*" (Bl. 224).
- Dit is dan ook in hierdie tyd dat hy 'n nuwe dimensie betree in sy verhouding met Nina. Hy ervaar haar vir die eerste keer as 'n vrou.

### RUIMTE: (SOSIAAL)

In hierdie verhaal is daar twee sosiale ruimtes wat in teenstelling teenoor mekaar staan: Die onbegaanbare bergreeks wat die twee gesinne van mekaar skei, kan ook van toepassing gemaak word in die sosiale ruimtes.

Dit bring ook die **karakterisering** van Fiela en Elias mee:

<b>Komoeties (Fiela)</b>	<b>Van Rooyens (Elias)</b>
+ Netjiese, hardwerkende bruin gesin.	+ Verwaarloos, slordig en onontwikkel.
+ Kinders word kultureel en intellektueel ontwikkel deur die trotse Fiela.	+ Kinders word slegs gebruik om Elias se werkslas te verlig en geld in te bring.
+ Die familie boer vooruit a.g.v. Fiela se harde werk en fluksheid.	+ Elias se planne misluk en hy word 'n gevangene van die Bos.
+ Fiela besit trots en verantwoordelikheid	+ Elias verontskuldig altyd himself en plaas die blaam op ander.
+ Al druk die lewe haar van alle kante, gaan sy nooit lê nie, staan op en gaan voort.	+ Hy verval in selfbejammering; kan nie opstaan nadat hy gaan lê het nie.
+ Fiela is die krag wat haar familie saamsnoer.	+ Elias dryf met sy onredelikheid, drif en selfsugtige eise vir Nina en Lukas van die huis af weg.
+ Sy besit innerlike krag en onbaatsugtige liefde.	+ Hy toon geldgierigheid en baatsug want hy wil vergoed word vir die grootmaak van Lukas.

### **KARAKTERISERING:**

#### **Benjamin Komoetie/Lukas van Rooyen**

- Hy is die hoofkarakter en kan nie sy herkoms vasstel nie.
- Hy het geweet hy is nie Fiela se kind nie en het dit so aanvaar.
- Sy nuwe omgewing, die Bos, bring geestelike en emosionele ontwrigting mee.
- As balkemaker raak hy stadigaan gewoond aan die Bos en hy leer om ding te begryp en te aanvaar.
- Nadat hy beseft het hy is Lukas van Rooyen het dit beter gegaan.
- Alhoewel hy op sy eie manier lief geword het vir die Bos, het hy 'n buitestaander gebly en het hy nog 'n begeerte om terug te gaan Lange Kloof toe.
- Hy maak vir die eerste keer kennis met die see en dit bring die ou opstand weer na vore.
- Hier beseft hy dat hy moet omdraai huis toe, tog voel hy skuldig oor sy besluit om die Bos te verlaat.
- Daar was nog steeds dinge oor homself wat hy nie verstaan nie en wat hom rusteloos maak.
- Sy liefde vir Nina laat hom twyfel aan sy identiteit.
- Nina wys hom daarop dat "bloed bloed sou gekeer het".
- Niemand, ook nie Nina nie, kan hom van Lukas van Rooyen verlos nie, net Barta van Rooyen kan.
- Barta se eed dat hy Lukasis, maak hom wanhopig.
- Hy gaan terug na Nina toe, want hy voel dat 'n lewe saam met haar as sy suster, beter is as 'n lewe sonder haar.
- Nina beskuldig hom dat hy onnosel en 'n lafaard is, omdat hy nie haar liefde vir hom kan raaksien nie.
- Teen die voetpad, agter die bietoubos word hy finaal deur haar optrede oortuig dat hulle nie broer en suster is nie want bloed sou bloed gekeer het.

- In 'n nuwe dimensie in hulle verhouding, sien hy vir die eerste keer haar as 'n vrou raak.
- Hy keer terug bos toe om finaal die waarheid omtrent sy herkoms vas te ste.
- Hy kies uiteindelik om Benjamin Komoetie te wees.

### Nina

- Nina van Rooyen is 'n newekarakter wat 'n bepaalde invloed uitoefen op die hoofkarakter.
- Dit is sy wat Lukas van Rooyen help om in die Bos aan te pas en sy leer hom om die Bos te ken.
- Deur Lukas se liefde vir haar, dwing dit hom om uit te vind wie hy werklik is.
- Nina is ook 'n buitestaander tussen die Bospense en dwaal liewer alleen in die Bos rond, as om werk by die huis te doen.
- Daar was 'n seer in haar wat niemand van geweet het nie.
- Sy soek troos in haar vreemde liefde vir die Bos.
- Sy voel aangetrokke tot Lukas.
- Dit kom partykeer voor of sy lui is.
- Haar ongetemde skoonheid word deur Lukas met die Bos vergelyk
- Deur haar eiewilligheid en besondere liefde vir die Bos is daar voortdurend konflik tussen haar en Elias van Rooyen.
- Sy word nie maklik getem nie en vrees nie haar pa nie.
- Sy toon vir die eerste keer vrees toe haar pa haar dwing om op die dorp te gaan werk.
- Die dorp het uiteindelik ['n positiewe invloed op haar.
- Sy word selfstandig en verbreek finaal alle bande met haar pa en ma (*"Ek gee nie langer my geld af nie, vir niemand nie?"* (Bl. 223)
- Haar sterk wil en persoonlikheid word getem deur die invloed van mej. Weatherbury en sy ontwikkel tot 'n aanvallige jong vrou.

### Barta van Rooyen

- Barta is 'n "randkarakter" aan wie nie baie verteltyd afgestaan is nie.
- Sy word beskryf as 'n onsekere, selfs agterlike vrou wat total deur haar man gedomineer word.
- Haar handeling het egter 'n bepalende invloed in die ontwikkeling van die roman.
- Sy word geïntimideer deur vreemde omstandighede asook die lang man en ken sy die kind uit as haar eie kind, Lukas. *"Ek was so bang en deurmekaar, ek kon nie dink nie"* (Bl 303).
- Die magistraat het 'n groot invloed op Barta se denkwyse. Sy het 'n vrees in haar wat haar later weer laat sweer dat die kind Lukas van Rooyen is.
- Haar gewete raak te deel van haar en erken uiteindelik dat sy die verkeerde kind gevat het.

**KONTEKSTUELE VRAE**

Vr no	Bl no	Vraag
1	1	Watter funksie verrig die verwysing na die verdwyning van “die kind” en nie na Lukas van Rooyen nie as jy na die titel kyk?
2	8	Wat is ‘n hanskind?
3	8	“Agterna het sy die tekens gesien”. Waarna verwys die “agterna”?
4	8	Waarvan sou die valk en die pofadder voortekens wees?
5	15	Gedurende watter tydperk speel die verhaal af?
6	14-17	Verduidelik Fiela se vrees.
7	17	Toon die ironie aan van die sensusmanne se aanspreekvorm tot die kind.
8	18	Waarop dui die kursivering in die woordjie “wit”?
9	18	Die kind se ouderdom waarop hy gevind is, is belangrik. Waarom?
10		Skryf Elias se karaktereienskappe volledig neer.
11	51	Waarom is r. 32 gekursiveer?
12	109	Wat is Nina se karaktereienskappe? Skryf dit volledig neer.
13	125	Haal Fiela se karaktereienskappe in hierdie gedeelte uit en skryf dit volledig in jou eie woorde.
14		Daar kom gedurig terugflitse in die roman voor. Verduidelik.
15	149	Watter poging wend Fiela vir oulaas aan om te bewys dat Benjamin nie Lukas is nie?
16	125	Haal Fiela se karaktereienskappe uit en skryf dit in jou eie woorde.
17	262	Hoe oud was Lukas toe hy besluit het om terug te gaan Lange Kloof toe?
18	312	Die tema van die roman word hier verwoord. Gee die tema in jou eie woorde weer en jou antwoord moet feite bevat.
19	312	Watter woorde bevat Lukas se bevryding in sy soeke na homself?
20	313	Wie sou Lukas uiteindelik verkies om te wees? Gee ‘n rede vir jou antwoord.



# DRAMA

## DIE KEISER – BARTHO SMIT

### KARAKTERISERING EN BESPREKING

#### DIE KEISER:

- Hy is ten spyte van sy swakhede, 'n waardige, simpatieke heerser.
- Hy is besonder besorgd oor mense se taalgebruik en spreek hulle voortdurend daarvoor aan.
- Hy is 'n goeie simpatieke vriend teenoor die Hofnar. Teenoor laasgenoemde openbaar hy sy vertwyfeling en ang.
- Hy is 'n idealis en 'n dromer wat glo dat sy volk gelukkig en tevrede is, en hy word hier mislei deur sy raadslede.
- Hy is geheel en al onkundig oor die ellende van sy volksgenote.
- Hy openbaar ook 'n sekere mate van introspeksie, nl. "Waar is ek vandag – na 50 jaar?" en 'n begeerte om uit te vind wat regtig in die land aangaan.
- Sy persoonlike drome en vrese vir kranksinnigheid wek by die leser simpatie en dien as voorbereiding vir sy skisofreniese breuk met die werklikheid.
- Hy openbaar deurgaans deernis en goeie bedoelings met die volk en met die Hofnar.
- Hy is soms kinderlik-naïef, maar tog opreg.
- As sondebok-martelaar triomfeer hy eindelijk oor sy samesweerders.
- Die Keiser se innerlike konflik en strewe na 'n beeld van 'n heerser wat goed en regverdig is, sy skuldgevoelens oor sy volk se armoede, maak van hom 'n tragiese held, wat uiteindelik sy sinne verloor in 'n poging om sy beste te lewer.
- Die tragedie lê daarin dat hy uiteindelik in die voetspore van sy mal vader volg.
- Die foute wat tot sy ondergang lei, is 'n onvermoë om die werklikheid te erken, asook die fout van oormoed wanneer hy hom in sy waansin self sien as heilig, en die volk voor hom kniel.
- Ten spyte van al sy foute, is die Keiser inherent 'n goeie karakter wat in belang van sy volk optree en sy ideale vir hulle wil najaag.
- Met die openingstoneel in die eerste bedryf, bespreek die drie ministers die Keiser in sy afwesigheid. Sonder dat hulle dit weet, luister Hofnar alles af. Ons leer ken die Keiser se aanvanklike lewe soos volg:
  - Aanvanklik het die Keiser rustig geleef en regeer. Hy is beskerm deur die ministers wat baie regeringsake van hom weggehou het en hy het geglo dat sy opdragte uitgevoer word.
  - Die ministers beskou die Keiser as 'n **idealis en 'n dromer**. In die tydperk voor die wewers se koms kon die Keiser dus rustig in sy droomwêreld leef sonder dat dit te veel konflik in hom laat ontstaan.
  - Hy is preuts, oordrewe taalbehep en klerebehep.
  - Toe die wewers met die ongelooflike voorstel van 'n onsigbare kostuum na vore tree, het die Keiser gedink dat dit dalk wel moontlik kan wees.



- Die feit dat sekere mense nie die klere sou kan sien nie en dat dit die mense is wat vals is en onbekwaam vir hulle pos is, het die Keiser wel in homself laat begin twyfel. Dit gee aanleiding tot selfondersoek.
  - Toe die Keiser self geen klere sien nie en moet voortgaan met 'n huigelagtige toneelspel, het al hoe meer konflik in hom opgebou omdat hy in sy eie vermoëns begin twyfel het.
  - Hy was nie seker of net hy nie die klere sien nie, want dit het gelyk of al die ander mense wel die klere sien.
  - Dit het gelei tot angsdrome bedags waartydens hy gedroom het dat hy kaal tussen 'n klomp mense moet loop. Hy wou liever sterf as om kaal voor die mense te loop.
  - Hy het begin wonder of sy angsdrome nie verband hou met sy vader se siekte nie.
  - Hy het geheel en al geen geloof meer in homself gehad nie.
    - Die Keiserin maak die Keiser as belaglik en kinderagtig af.
    - Sy bedrieg die Keiser deur voor te gee dat sy die wonderkostuum kan sien.
    - So probeer sy haar eie bas red, maar sy vererger die Keiser se innerlike konflik.
  - Die Keiser het baie mooi ideale vir sy volk gehad. Met die halfeeufeesviering wou hy hê die wêreld moet dink dat sy volk die beskaafde volk ter wêreld is.
  - Hy het geglo die klere maak die man.
  - Hy was naïef en maklik beïnvloedbaar.
- **Die noodlot red die Keiser:**
    - Die noodlot tref die Keiser en hy word flou.
    - Daarna is hy van sy kop af en besef nie wat hy doen nie.
    - Dit was maklik vir hom om in 'n staat van waansin kaal voor sy volk te verskyn.
    - Die volk het hom toegejuig as die heilige Keiser en daar was algehele aanvaarding. Op dié wyse is hy van algehele ondergang gered.
  - **Evaluering van die Keiser se floute:**
    - As leserkan 'n mens van mening wees dat die Keiser, toe hy in 'n hoek gedryf is, gerieflikheidshalwe toneel gespeel het en gemaak het of hy flou word.
    - As 'n mens die drama goed volg, is daar egter genoeg bewyse dat die Keiser wel werklik kon flou word en dat dit nie blote toneelspel was nie.
    - Daar word verwys na sy mal ou vader. Nou word hy ook mal. In die teks is die Keiser heeltyd bang dat hy net soos sy ou vader (waansinnig) sal word; en dat hy kaal voor sy volk in die strate sal loop.
    - Die Keiser het ook uit vrees helder oordag angsdrome hieroor gekry. Hy het die nag voor die optog glad nie geslaap nie, wat tot die floute kon aanleiding gee.
    - Dit is dus heeltemal aanvaarbaar dat die Keiser 'n toeval kon kry en van sy kop af sou raak.

## DIE HOFNAR

- Hy het 'n skerp oog vir ander se swakhede, maar is in hoofsaak 'n katalisator wat onbetrokke bly, terwyl hy die handeling laat ontwikkel.
- Sy blote eerlikheid en sy insinuasies veroorsaak spanning.
- Sy eerlikheid en integriteit blyk van die begin af.
- Hy karakteriseer ander deur benaminge soos “korporaal”, “ydele” ens. Sy vriendskap teenoor die Keiser is eg, wat veral daaruit blyk dat hy die Keiser se gevoelens sensitief hanteer, bv. sy voortgesette ondersteuning van die Keiser.
- Beide die Nar en die Keiser triomfeer oor hulle samesweerders en die Nar beskryf homself as die Keiser se oë en ore, en ook as sy spioen. Hy is dus die **waarheidspreker** in die drama.
  - Sy verdere plig is om die Keiserlike Hof te **vermaak**.
  - Hy is 'n puik **satirikus** wat op 'n spottende wyse sekere maatskaplike wanpraktyke (soos die wanbesteding van staatsgeld) bespotlik voorstel.
  - Die Hofnar is die Keiser se beste vriend, vertroueling, vertrooster, raadgewer en beskerming.
  - Sy funksie is om sinies (skaamteloos ongevoelig / spottend / neerhalend) te wees.
- **Hofnar se begrip vir die Keiser:**
  - Die Keiser se “waansin” het 'n hoogtepunt bereik terwyl hy en die Hofnar die aand voor die optog met mekaar in ernstige gesprek verkeer het.
  - Hofnar het oor die vermoë beskik om die Keiser tot orde te roep. Hy het erken dat hy ook nie die klere sien nie.
  - Die Keiser het tot die insig gekom dat hy al die jare vir homself oor die volk se welsyn gejok het. Hy besef ook dat hy vir die ander gejok het oor die bestaan van die kostuum. Die Keiser het geleer dat 'n mens vir jouself ook kan jok (“*n mens kan vir jouself ook lieg*” – bl. 50).
  - Hofnar moedig die Keiser aan om die optog af te stel, maar die Keiser besluit om tog daarmee voort te gaan.
  - Nou ondersteun die Nar die Keiser en praat hom moed in.

## DIE MINISTERS

### KULTUUR

- Hy word gekenmerk deur sy skynheiligheid en waardesisteem wat onoortuigend is.
- Hy is oordrewe besorgd oor klere, tot op die punt van absurditeit.
- Hy is egter die senior minister en segsman van die drie ministers.
- Hy is 'n lewende cliché in verband met kultuur, dekadensie ens.

## MAARSKALK

- Hierdie karakter gee aanduiding daarvan dat hy in werklikheid besorgd is oor die volk, maar glo aan mag as 'n metode om iets te vermag.
- Dreigemente soos “of anders gaan jy spoorloos verdwyn” is tipies van hom, of bv. “Dit sal ons eers uitvind as dit te laat is” getuig van sy militêre beheptheid met mag.
- Hy keer die kostuum met groot entoesiasme goed omdat hy meen dat dit sal help om die opstand te beheer.

## DIPLOMAAT

- Hy is besorg daarvoor dat 'n mens moet aanpas by jou tyd en jou omgewing.
- Hy glo nie daaraan dat “antieke klere” noodwendig sal help om barbarisme te voorkom nie.
- Hy help ook om die Keiser te oortuig om sy kostuum te laat maak.
- Sy teenkating teen die bestaande orde (alhoewel hy heeltemal oortuig is daarvan) is niks meer as konserwatief nie, nogtans is sy verraad 'n verrassing.
- Sy verdere optrede is sonder betekenis en dra nie veel by tot die ontwikkeling van die drama nie.

## DIE ANTAGONISTE

- Die Wewer is hoofantagonis en een van die persone wat die sterkste gekarakteriseer word.
- Hierdie karakter word op verskillende maniere geprojekteer – as 'n magiër word daar veronderstel dat hy in staat is om dinge te vermag wat bonatuurlik is.
- Die wewer doen hom aanvanklik voor as 'n gesand van die Grootkeiser van Utopia wat namens hom kom om eer aan die Keiser te bewys tydens sy halfeeufees.
- Wanneer hy hom later as die Groen Tier openbaar, hou hy ook die skyn voor dat hy in belang van die volk optree om hulle te verlos van 'n ruggraatlose Keiser wat glad nie in hulle belangstel nie.
- Later sê hy egter dat 'n volk nie vry wil wees of besittings wil hê nie – die Keiser se oupa en pa was reg toe hulle die volk met geweld beheer het.
- Hy stel homself dan ook aan die leser bekend as die Keiser van Utopia, en terselfdertyd die nuwe Keiser van Ekwator.
- Die implikasie is dus dat die volk 'n nog slegter tyd in die gesig staar indien die wewer die mag sou oorneem.
- Daar is geen positiewe kwaliteite i.v.m. hierdie karakter nie, behalwe sy gedetermineerde pogings om die Keiser te onttroon.
- Tiengelieng dra daartoe by dat sy rol as toekomstige heerser ongeloofwaardig voorkom; omdat haar beeld as Keiserin ongeldig is.
- Wanneer die Keiser in 'n waan wel in die optog stap en die volk vir die eerste keer met hom kon identifiseer, moet die wewer vlug.

- Die wewer se plan om ter wille van selfverryking die mag oor te neem, het geheel en al misluk. Sy planne het dus geboemerang.

### **DIE BESKRYWING EN UITEENSETTING VAN DIE KOSTUUM:**

- Volgens die brief wat Tiengelieng vir die Keiser en sy kabinet lees, sal die Wonderwewer “die mooiste en merkwaardigste kostuum maak wat die wêreld nog ooit gesien het” (bl. 18).
- Die kostuum sal die Keiser van kop tot tone in ‘n stralekrans laat loop en almal sal dan voor die Keiser neerval.
- Verder sal dit van suiwer goud wees en versier word met juwele en edelgesteentes.
- Die kostuum sal feitlik niks weeg nie en die stralekrans sal al die kleure van die reënboog hê; verkry uit sekere kosmiese strale wat in die goudmateriaal ingeweeft word (bl. 20).
- Die kostuum sal ook die verdere eienskap hê dat ‘n minister of enige ander persoon wat die Keiser bedrieg of onbekwaam is vir sy pos, dit nie sal kan sien nie (bl. 21).
- Die kostuum bestaan uit die onderbroek, onderhemp, broek, onderbaadjie, langbaadjie, krawat, kouse en skoene in die styl van Lodewyk 14.
- Die knope is van bloudiamante en die moue is met ragfyne valletjies afgewerk.

### **OPSOMMENDE VERDUIDELIKING VAN DIE HALFEEUFEEES:**

- Die halfeeufees is die fees wat gehou sal word ter viering van die Keiser se vyftigste regeringsjaar.
- Buitelandse gaste is deur Diplomaat genooi na hierdie fees en Kultuur moes toesien dat daar ‘n kostuum vir die Keiser vir hierdie geleentheid gemaak word.
- Om die gaste te beïndruk, is ‘n goue paleisstad gebou asook replikas van die Oosterse paleise – alles ook van goud.
- Met die **beskawingsprogram** sou die Keiser die hele volk klee en voed soos die mense aan die Hof – hierdie opdrag is aan Kultuur gegee.
- Veldmaarskalk, die minister van Verdediging, moes toesien dat die volk veilig en tevrede binne die landsgrense is.
- Dit is egter ‘n uitstekende voorbeeld van dramatiese ironie, met ander woorde waar die leser meer ingelig is as sommige van die karakters.
- Die leser weet dat die ministers die Keiser bedrieg, maar die Keiser is self nie daarvan bewus nie.
- Die ministers verseker die Keiser dat alles goed verloop, maar die leser weet egter dit is nie die waarheid nie.
- Kultuur noem aan die Keiser dat alle reëlins vir die fees gefinaliseer en afgehandel is; dat alles honderd persent gereed is, maar dit is egter nie waar nie, want die volk is in opstand.
- Die beskawingsprogram het nog nie gerealiseer nie; die volk is steeds arm en honger slawe wat in vodde rondloop en die situasie aan die landsgrense is besig om in ‘n nagmerrie te verander.

- Die volk het reeds 'n rebelleier, Groen Tier, wat 'n staatsgreep wil uitvoer. (Bl. 4 tot 15)

### **DIE MOTORIESE MOMENT:**

- Die motoriese moment in 'n drama is gewoonlik 'n insident/gebeurtenis wat die held/protagonis se lewe direk raak. Die motoriese moment sit eintlik die bal aan die rol en veroorsaak konflik by die protagonis.
- Die protagonis besef dat hy/sy voor bepaalde belangrike keuses gestel word en 'n keuse moet uitoefen.
- Die motoriese moment in hierdie drama is die verskyning van die Wewers op die toneel. Hulle stel voor om klere vir die Keiser te maak vir die optog wat vir sommiges onsigbaar sal wees. Die klere het ook die eienskap om leuenaars of mense wat onbekwaam vir hulle werk/posisie is, te identifiseer.
- Daar word ook aan die Keiser gesê dat daar van sy ministers is wat hy nie kan vertrou nie. Dit skep onmiddellike agterdog en kommer by hom en lei tot innerlike konflik en ook twyfel aan sy eie bevoegdheid as heerser.

### **DIE LEUEN VORM EEN VAN DIE TEMAS VAN DIE DRAMA:**

- In hierdie drama word juis gespot met die universele leuen: ons lieg vir ander, maar ons lieg soms ook vir onself.
- Die leuen begin reeds by die dra van die sewentiende-eeuse kleredrag terwyl dit in Ekwator (ewenaar) afspeel. Ekwator as sodanig is 'n bedrogspul.
- Diplomaat as buitelandse minister is 'n leuenaar wanneer dit later blyk dat hy deel is van Groen Tier se komplot om die Keiser te onttroon – hy is 'n verraaier van sy land.
- Die Wewer se handeling is getuienis van die bedrogspul.
- Die twee ouer ministers, Kultuur en Maarskalk, bedrieg die Keiser: geld wat bestem was vir die beskawingsprogram gebruik hulle vir eie gewin.
- Selfs die Keiserin bedrieg die Keiser as sy sê dat sy die wonderkostuum sien: 'n bewys hoe vër die leuen reeds gevorder het.
- Die Keiser word die vergestalter van die leuen, want hy bedrieg homself omdat hy vasklou aan sy valse voorstelling van wat in sy land aangaan.
- Slegs Hofnar praat deurentyd die waarheid: hy is die vergestalter van die waarheid.

### **VRAE:**

#### **EERSTE BEDRYF**

1. Hoe weet ons reg aan die begin dat die Hofnar en die Veldmaarskalk behep is met hulle fisiese voorkoms?
2. Wat is die eerste aanduidings wat ons kry van die Diplomaat se rebelse karakter?
3. KULTUUR: "Goeiemôre, goeiemôre, goeiemôre. (*Hy loop ook na 'n spieël om Syklere te inspekteer*). Lieflike dag wat ons het. Nie te koud nie, nie te warm nie.

Ek sê netnou vir my kleinseun (*vee sweet af*): Ou seun, sê ek vir hom, waar is daar nog 'n land soos ons land? Of dit reën en of die son skyn, of dit someris of winter – sy klimaat bly altyd dieselfde.”

Bespreek die ironie in Kultuur se woorde: “sy klimaat bly altyd dieselfde”.

Waarom is dit gepas dat juis Kultuur bogenoemde woorde uiter?

4. Oor watter aspek van Diplomaat se reis in die buiteland is Kultuurgeskok?
5. Bespreek volledig waarom daar op hierdie stadium in Ekwator so 'n nadruk is op “beskaafde” kleredrag.
6. Bespreek die ironie in Kultuur se woorde: “Waar sal jy vandag nog so 'n beskawing kry” en “Dis ons borswering teen die barbarisme”.
7. Wat is Kultuur se hoofrede vir die feit dat die Keiser se wens (dat die hele volk geklee en gevoed moet word soos hulle aan die Hof) nie uitgevoer is nie?
8. Wat skok Maarskalk as hy na die nuwe trone kyk?
9. Van watter bedrog beskuldig Kultuur vir Maarskalk?
10. Watter gepaste name het die Hofnar vir Kultuur en Maarskalk onderskeidelik?
11. Wat sê Maarskalk nadat hy weet dat Hofnar hulle gesprek afgeluister het, wat tipies is van sy karakter?
12. Tydens die Keiser se inspeksie vind hy iets verkeerd met Diplomaat se uitrusting. Wat is dit?

## TWEDE BEDRYF

1. Wie verskyn by die venster?
2. Watter van die wagte is nie omgekoop nie?
3. Hoe kom ons agter dat Diplomaat by die bedrog betrokke is?
4. Hoe staan die Wewer of Chief anders bekend?
5. Waarom begin Maarskalk en Kultuur die kostuum wat hulle nie kan sien nie, bekoor?
6. Wat is Maarskalk se reaksie as die Wewer 'n rafel van die kostuum wil afknip?
7. Waarom beland die Hofnar in die tronk?

## DERDE BEDRYF

1. Hoe kom ons aan die begin van die bedryf agter dat die Keiser self onrustig voel oor die kostuum?
2. Hoe ondersteun die wag en Diplomaat die gedagte dat dit net die Keiser self is wat nie die kostuum kan sien nie?
3. Kultuur word amper gearresteer omdat hy nie die Keiser se vraag kon beantwoord oor wat hy aanhet nie. Hoe red hy homself van hierdie arrestasie?
4. Hoe kom die Hofnar uit die gevangenis uit?
5. Die Keiser erken aan die Hofnar dat hy ook nie die kostuum kan sien nie. Waarom sal daar moontlik, volgens hom, wel 'n kostuum kon wees?
6. Wat vertel die Hofnar aan die einde van die derde bedryf aan die Keiser, wat in kontras is met Kultuur se siening?

## VIERDE BEDRYF

1. Wie loop die paleis binne as die Keiser en Keiserin van Utopia en wat dra hulle?
2. Wat is die Keiser se onmiddellike reaksie hierop?
3. Die Wewer verduidelik aan die Keiser waar Utopia is. Waar is dit?

4. Wat het met Maarskalk en Kultuur gebeur?
5. Die Keiser beseft nou dat alles 'n klug was en wil die optog aflas. Watter ultimatum stel Die Groen Tier aan hom?
6. Watter reaksie het die ultimatum op die Keiser?
7. Diplomaat noem die Keiser nou "Die Huilende Keiser". Waarmee vorm dit 'n kontras?
8. Watter twee faktore dra daartoe by dat die hele volk weer aan die einde die Keiser toejuig as "Heilige Keiser"?

## PRAKTIESE OEFENINGE OOR DIE DRAMA:

As jy Die Keiser behandel het, kan jy nou jou kennis toets deur die volgende vrae uit te werk en vir jouself punte toe te ken.

Jy onthou nog seker hoe jy in die eksamen die vraestel moet beantwoord:

Indien jy die kort vrae by Die Keiser kies, moet jy die lang vrae by Fiela se kind beantwoord, en as jy die lang vrae by Die Keiser gedoen het, moet jy die korter vrae by Fiela se kind beantwoord.

Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord die vrae wat volg:

KULTUUR: Al Sy Majesteit se klere het verdwyn!

MAARSKALK: Wat?!

DIPLOMAAT: Maar dis tog onmoontlik!

MAARSKALK: Wanneer?

KAMERHEER: Ek weet nie, Maarskalk. Ons het dit so pas eers ontdek.

KULTUUR: Alles, sê jy ?

KAMERHEER: Wel, alles waarmee Sy Majesteit in die openbaar kan verskyn.

MAARSKALK: Maar is jy seker, Kêrel? Al die paleiswagte was al die tyd op hul poste . .

KAMERHEER: Ek is seker, Maarskalk. Ek het gedink ek moet u Edeles kom waarsku vóór Sy Majesteit kom. Hulle is op pad.

KULTUUR: Op pad?!

KAMERHEER: Ja, u Edele.

DIPLOMAAT: Maar ons het nog skaars begin met die inspeksie! KAMERHEER: Sy Majesteit wou nie langer wag nie, u Edele.

MAARSKALK: Weet Sy Majesteit al van die diefstal?

KAMERHEER: Nee, Maarskalk.

DIPLOMAAT: Wat 'n geluk dat ons darem hiêrdie kostuum vir die optog sal hê.

KULTUUR (*verwese*): 'n Geluk, ja. (*Haas hom terug na die Wewers.*) Ons inspeksie is beëindig.

WEWER: Wat?!

TIENGELIENG: O . . .

DIPLOMAAT: Hy wou nie langer wag nie.

HOFNAR: Wat het die apie gesê toe hy om die tak geswaai het, u Ydele?

WEWER: Ons het niks om weg te steek nie, u Edele. Sy Majesteit kan maar kom.

WAG (*verskyn in die deur*): Hul Majesteite die Keiser en Keiserin van Ekwator! Lank lewe die Keiser!

HOFNAR: Ha! Nou sal julle moet sien vir 'n vale (*Die Keiser en Keiserin kom binne. Die Keiser het 'n kamerjas en pantoffels aan.*)

1. Watter geleentheid word gevier waartydens die Keiser in die openbaar moet verskyn ? (1)
2. Verduidelik hoekom Diplomaat gelukkig voorkom as die oorspronklike (swaar ) kostuum gesteel word en hoekom Kultuur so ongelukkig daarvoor voel. (2)
3. Maarskalk kan nie glo dat die Keiser se klere gesteel is nie. Hoe het dit dan gebeur? (1)
4. Die nar sê: Nou sal julle moet sien vir 'n vale. Voltooi die volgende sin met twee feite: Volgens die Wewer is 'n persoon wat nie die kostuum sien nie, . (2)
5. In die drama is daar heelwat sprake van klere. Watter simboliese betekenis gee die kabinet aan:
  - 5.1 klere (1)
  - 5.2 naaktheid (voor die Keiser se optog) (1)

Die volgende vrae handel oor onderstaande leesstuk:

KEISER: Los hom. Wat maak dit saak of hy bekwaam of onbekwaam is? Hy's maar net ons Nar.  
 KULTUUR: U Majesteit!  
 KEISER: Wat?  
 KULTUUR: Dit het niks met bekwaam of onbekwaam te doen nie! Dit gaan oor integriteit, die geloofwaardigheid van Ekwator! Oor die status, die heiligheid van ons Keiser. Begryp u nie? As daardie skepsel geen klere sien nie, soos hy self erken het, U Majesteit, dan sien hy u s nder klere. Dis waaroor hy die hele aand al lag en spot.  
 KEISERIN: Skokkend!  
 KEISER (*ontsteld*) :Nar?!  
 HOFNAR: My Kroon?  
 KEISER: Wat het ek aan?  
 HOFNAR: Die onderbroek, my Kroon -- die een vir die jig.  
 KEISER: O  weg!  
 HOFNAR: My Kroon?  
 KULTUUR: Draai weg jou kop, Ellendeling! (*Die Nar draai sy kop weg*)  
 KEISER: Hoe durf jy na ons kyk as jy nie ons klere sien nie?!  
 HOFNAR (*sonder om na die Keiser te kyk*) :Die waarheid is maar altyd kaal, my Kroon.  
 KULTUUR: Sulke vermetelheid!  
 KEISER: Vat hom weg.  
 MAARSKALK (*roep*) : Wag! (*Die Wag kom binne.*) Smyt daardie skepsel in die kerker.  
 WAG: Tot u diens, Maarskalk. (*Hy gryp die Nar.*) Kom!  
 HOFNAR: Moet jou nie ooreis nie, Tjom -- ek sal saam met jou loop. (*Sonder om na die Keiser te kyk:*) My Kroon . . .  
 MAARSKALK:Vat hom weg!  
 HOFNAR: Ek wil maar net s : Tot siens, my Kroon.  
 KEISER (*bewo *) : Tot siens, Nar.  
 MAARSKALK: Weg met hom! (*Die Nar loop saam met die Wag na die deur.*)  
 Nar!  
 HOFNAR (*gaan staan in die deur, sonder om om te kyk*): Korporaal?



MAARSKALK: Wat het die apie gesê toe hy om die tak geswaai het?  
 HOFNAR (*met sy rug na die ander*): Hy't gesê nou't ek my gat gesien,  
 Korporaal.

6. Die Keiser sê: Hy's maar net ons Nar. Noem twee belangrike funksies van die Hofnar in die drama. (2)
7. Watter verhouding bestaan daar tussen die Keiser en die Hofnar soos blyk uit bostaande uittreksel? Gebruik 'n aanhaling om jou antwoord te bewys. (2)
8. Alhoewel die Hofnar net voor die uittreksel voor die Keiser erken dat daar nie klere is nie ( Daar's niks. Hulle lieg vir jou, myKroon) is dit nie hierdie erkenenis wat die Keiser ontstel nie. Wat ontstel die Keiser dan so dat hy opdrag gee dat die Hofnar opgesluit moet word? (Kyk na uittreksel) (2)
9. Verduidelik die Hofnar se woorde: Die waarheid is maar altyd kaal . . . (1)
10. Waarom tree Maarskalk so ongenaakbaar (streng) op teenoor die nar? (Behalwe dat hy dink die nar bespot die Keiser en sien nie die kostuum nie) (1)
11. "Hy't gesê nou't ek my gat gesien, Korporaal"
  - 11.1 Die nar se taalgebruik word gekenmerk deur growwe of plat uitdrukkings. Watter karakter is vreeslik gesteld op suiwer en beskaafde taalgebruik? (1)
  - 11.2 Watter karaktereienskap van Maarskalk blyk uit die Hofnar se verwysing na hom as "Korporaal"? (1)
12. Waarom is dit ironies dat die Hofnar in die tronk gegooi word? (1)

Lees gou ook dié uittreksel:

KEISER (*loop na Kultuur se kop toe; woedend*): Jou vuilgoed! Jou lae, agterbakse vuilgoed! (*Aan die Maarskalk se kop*) En jy ook! As ek my sonde nie ontsien nie . . .

KEISERIN: Majesteit!

KEISER: Jammer. Ek het myself vergeet.

TIENGELIENG: U moet nou klaarmaak vir die optog, o Keiser.

KEISER: Die optog is afgelas.

WEWER: O nee, U Majesteit.

KEISER: Julle het my leser!

WEWER: U kan die optog alleen aflas as u afstand doen van u troon, U Majesteit.

KEISER: Is jy van jou kop af, Jongman?

WEWER: Nee, U Majesteit. Maar u is dit aan die volk verskuldig om afstand te doen van die troon. Dit gaan ellendig met die volk, U Majesteit . . .

TIENGELIENG: Erger as wat dit onder u vader en grootvader gegaan het, o Keiser.

KEISER: Ek sal regmaak wat daardie twee verbrou het. Gaan sê dit vir die volk. Sê vir hulle ek is bedrieg deur twee skurke – maar ek sal alles regmaak . . .

WEWER: Laat óns dit vir u regmaak, U Majesteit.

13. Wat het aanleiding gegee tot die Keiser se uitbarsting? (2)
14. Wat het met die keiser se twee ministers (Kultuur en Maarskalk) gebeur? (1)
15. Wewer sê dat hy dit vir die Keiser sal regmaak. Noem 2 redes waarom die Wewer wou hê die Keiser moet afstand doen van sy troon. (2)
16. Wat word die skuinsgedrukte dele tussen hakies (in 'n drama) genoem wat ook die toneelaanwysings insluit? (1)
17. Later tree die Groen Tier hardhandig op. Die Keiserin sê: Hoe dūrf jy so met Sy Majesteit praat?! Hy's die Kéiser -- al hét jy sy klere aan! Die Keiserin sê hiermee dat sy beseft dat dit nie die klere is wat die . . . maak nie. Voltooi die bekende idioom wat beteken 'n mens word dikwels op sy uiterlike beoordeel. (1)
18. Die Keiser kies uiteindelik om eerder kaal tussen sy volk te loop as om afstand te doen van sy troon. Dan prys die volk die Keiser: Lank lewe ons Keiser!
- 18.1 Die slot van die drama kan beskou word as 'n voorbeeld van ironie. Bespreek hierdie stelling. (2)
- 18.2 Verduidelik waarom huil die Hofnar terwyl die Keiser geprys word. (1)
19. Verwys na enige voorbeeld van dramatiese ironie in die drama. Gee ook die definisie van dramatiese ironie. (1)



# DRAMA

## MIS - REZA DE WET

### KARAKTERS

#### MIEM

- Miem is 'n middeljarige vrou wat haar en haar dogter, Meisie, se lewe streng beheer sedert haar man, Gabriël, hom sewe jaar tevore na die solder teruggetrek het.
- As ma hou sy Meisie se doen en late met 'n valkoog dop: Meisie moet regop sit, vinnig en netjies werk en sy mag nie deur die venster na die sirkus se liggies kyk of eers daaraan dink nie (want "om te dink, is om te doen", bl. 28). Wanneer sy Meisie wel betrap dat sy na die liggies kyk, huiwer Miem nie om haar emosioneel af te pers en haar te herinner aan hoe siek sy (Miem) geword het toe Meisie 'n vorige jaar uit die huis geglip het en deur 'n gaatjie in die sirkustent na binne geloer het nie.
- Miem is oorbeskermend as moeder en stuur Meisie uit die kombuis uit wanneer sy die vorige verdwynings met die konstabel wil bespreek – "...sy is nog so jonk en onskuldig. Ek wil nie hê sy moet die dinge hoor nie." (bl. 19). Haar preutsheid veroorsaak ook dat sy Meisie nie behoorlik oor die gevaar inlig nie.
- Miem laat Meisie nie toe om ondersoekend te wees en haar eie mening oor dinge te vorm nie (soos toe Meisie wou sien wat in die sirkus aangaan) en sy toon geen begrip vir Meisie se nuuskierigheid nie.
- Dit is vir Miem belangrik dat sy Meisie liggaamlik en sedelik beskerm – "Maar jy hoef jou nie te kwel nie, my kind. Ek sal die hele nag by jou waak." (bl. 5) en "Ek sal jou beskerm teen alle gevaar." (bl. 8). Tog is sy bereid om haar dogter aan die konstabel te "verkoop" toe sy besef dat hy ongetroud is. Dit is Miem se droom dat Meisie moet trou, want dan, glo sy, sal Gabriël weer sy verskyning maak en sy regmatige rol as vader speel.
- Hoewel Miem uiters bekommerd is oor die nag vol onheil, vertrou sy die konstabel en betwyfel sy nooit sy bedoelings met haar dogter nie, al is hy 'n vreemdeling in die omgewing. Dit is ironies dat sy die vriendskap tussen hulle aanmoedig en dat Meisie dan uiteindelik saam met die konstabel verdwyn.
- Miem beskou haarself ook as bewaker van die dorp se sedes en meen sy is verantwoordelik vir wat daar aangaan. Nadat Rienie en Sannie verdwyn het, het Miem en Gertie dit byvoorbeeld hulle plig geag om die saak met die sersant te gaan bespreek.
- Dit is vir Miem 'n troos dat die dominee en die ouderlinge die hele nag bid, wat daarop dui dat sy gelowig is. Sy veroordeel egter gou mense wat anders is, soos wanneer sy die sirkusmense "klinkende simbale" (dit wil sê mense sonder enige substansie) noem (bl. 9).
- Vir Miem is dit belangrik om hoë morele standaarde te handhaaf en sy huiwer nie om Gertie te betig toe sy vermoed dat sy om "verkeerde" redes na die "fratse" en die sirkusoptog gekyk het nie. Sy verwag dat ander mense

dieselfde waardes en smaak as sy moet hê, soos wanneer sy vir die konstabel sê: “Die aaklige musiek. Dit hinder u seker ook, Konstabel.” (bl. 19)

- Miem toon groot lojaliteit teenoor Gabriël en is bereid om die konstabel die huis te verbied wanneer sy vermoed dat hy moontlik vir Gabriël van die verdwynings verdink. Haar lojaliteit verhoed haar egter om objektief oor Gabriël te wees – sy beskou hom as “edel van inbors” en “’n bietjie swartgallig” (bl. 32), maar glo geensins dat hy eintlik ‘n lafhartige swakkeling is wat nie die beproewinge van die lewe kon hanteer en haar en Meisie lelik in die steek gelaat het nie.
- Wanneer Miem die aand alleen met die konstabel gesels, is dit duidelik dat sy ten spyte van haar harde uiterlike ‘n eensame vrou is – “Dit is so lank laas ... lank laas ... dat ‘n man vir my goeienag gesê het.” (bl. 47). Dit is interessant dat Miem, wat so nougeset oor Meisie se sedes waak, erken dat sy na sewe jaar ‘n man se lyf begeer.
- Hierdie insig in Miem se ander kant verhoed dat sy slegs ‘n stereotipe is en wek simpatie by die leser.

## MEISIE

- Die leser leer die bleek Meisie ken as ‘n hardwerkende dogter wat haar ma selfs tot in die aand help. Op die oog af is sy tevrede met haar lot, maar eintlik hunker sy daarna om die besoekende sirkus te ervaar en uit haar beklemmende omstandighede te ontsnap – sy staan gedurig by die venster en kyk na die sirkusliggies en het ‘n vorige jaar uit die huis geglip om die sirkus te besoek. Die sirkus met sy klaende draaiorrelmusie en liggies, towenaars en halfkaal mense is vir Miem egter ‘n euwel en daarom taboe vir Meisie.
- Meisie word deur haar ma oorheers. Die feit dat sy begin huil wanneer haar ma haar herinner aan hoe siek sy was toe Meisie wel na die sirkus gegaan het, en haar vreesbevange versoek dat die konstabel nie vir haar ma moet sê dat sy na die tent en die liggies kyk nie, toon hoeveel mag Miem oor haar dogter het. Miem beskou Meisie ook nie as iemand wie se begeertes in ag geneem hoef te word nie, soos wanneer die konstabel later vra of hy Meisie se gesig kan voel en Miem haar goedkeuring gee sonder inagneming van Meisie se wense of die feit dat sy skaam en ongemaklik voel.
- Wanneer Meisie met die konstabel gesels, is dit duidelik dat sy geen vriende het nie. As gevolg van die stink misreuk wil niemand daar kom kuier nie en kan ook nooit uitgaan nie omdat haar ma haar nodig het. Haar hele lewe bestaan uit werk.
- Die konstabel word vir haar die vriend wat sy nie het nie. Sy vertel hom eers huiwerig en dan heelhartig van haar ervaring toe sy ‘n vorige jaar een aand sonder toestemming sikus toe gegaan het. Wanneer hy later aan haar gesig vat terwyl sy voor hom kniel, is dit amper asof sy hom aanbid. Dit blyk duidelik dat sy goed oor die weg kom met hom – hulle staan na aan mekaar in die agterplaas wanneer hy haar help om die slopemmer leeg te maak.
- Die naam “Meisie” dra daartoe by dat sy identiteitsloos voel. Wanneer die konstabel belangstel in wat haar regte naam is, gee dit haar ‘n gevoel van eiewaarde. Haar herhaling van “Margareta, Johanna” dui op die begin van ‘n

proses van selfontdekking en ontwaking, wat uiteindelik tot haar ontvlugting lei.

- Wanneer Meisie laat die aand kaalvoet en in haar aannemingsrok na die kombuis kom, twyfel sy aanvanklik of sy die regte ding doen – sy wil byvoorbeeld nie die musiek hoor nie omdat sy weet dat haar ma daarteen gekant is, en haar bewegings is huiwerig. Sy raak egter meer selfversekerd en beweeg al dansend voor die konstabel by die deur uit, wat aandui dat sy dit nie onder dwang doen nie.
- Meisie toon duidelike ooreenkomste met 'n sprokieskarakter en is soos 'n Aspoestertjie of Slapende Skone wat op 'n prins wag om haar uit haar omstandighede te bevry. Haar onwilligheid om 'n vingerhoed te dra selfs al steek sy haarself gedurig (drie maal) raak, wys dat sy bereid is om haar bloot te stel. Dit word bevestig wanneer sy saam met die konstabel-hofnar ontsnap.

## GERTIE

- Gertie is 'n middeljarige, friksheidsbewuste oujongnoui wat liggaamsopvoeding by die plaaslike skool gee. Sy kom na Miem se huis toe omdat sy nie op daardie aand van onheil alleen wil wees nie.
- Sy is redelik teatraal en maak 'n dramatiese verskyning wanneer sy uitasem by die kombuisdeur instrompel.
- Gertie is oënskynlik konserwatief, maar is gefassineer deur eksotiese dinge, het al die sirkus se “fratse” besoek en het pas na die sirkusoptog in die straat gekyk.
- Sy ken haar vriendin Miem baie goed en weet hoe om voor te gee dat sy nie werklik uit nuuskierigheid na die fratse en sirkusoptog gekyk het nie, maar “... sodat ek my seëninge kan tel ...” (bl. 11) en “Wat anders kon ek maak? Ek wou net die straat oorsteek ...” (bl. 39).
- Sy het volle vertroue in die polisie (“Die sersant is 'n verstandige man”, (bl. 13) en is ook liggelowig deurdat sy beïndruk is met die konstabel se reukvermoë en nie vermoed dat hy hulle kul nie.
- Gertie is sensitief en voel seergemaak wanneer die konstabel ná die reuktoets sê dat sy “byna soos dikmelk” ruik, en ook wanneer hy later kortaf sê hy sal self regkom toe sy hom met sy koffie wil help.
- Sy is eensaam en maak dit duidelik dat sy beskikbaar is wanneer sy pertinent aan die konstabel noem dat sy 'n oujongnoui sonder kind of kraai is, en hom oor sy huwelikstatus uitvra.
- Dit is duidelik dat Gertie in die konstabel belangstel omdat sy jaloers is wanneer Miem Meisie se goeie hoedanighede besing en wanneer Meisie en die konstabel alleen buite is (“Vir wat fluister hulle so? En staan so dig teen mekaar?” bl. 40). Kamtig bekommerd dat hulle koue sal vat, roep sy hulle “skel en hard” om in te kom. Later die aand oorreed sy Meisie en Miem om te gaan slaap sodat sy alleen by die konstabel kan wees.
- Gertie se reaksie wanneer die konstabel sy tant Hannie beskryf, toon dat sy 'n baie sensuele kant het wat net 'n geleentheid soek om na vore te kom. Sy laat haar deur die konstabel manipuleer om die sensuele dans uit te voer. Wanneer Miem se voetstappe leser word, is Gertie skoon verleë omdat sy 'n

deel van haar wat gewoonlik onderdruk word, toegelaat het om na vore te kom. Sy vlug dan by die agterdeur uit om weer tot verhaal te kom.

- Hoewel Gertie as 'n tipiese oujongnoui uitgebeeld word, toon haar liefde vir oefeninge, haar belangstelling in die sirkus en haar duidelik sensuele kant 'n afwyking van enige stereotipe, en dit maak haar 'n interessante karakter.

## KONSTABEL

- Die 'blinde' konstabel Van der Riet, wat "van elders" is, maar op 'n spanningsvolle oomblik sy opwagting by Miem se huis.
- Hy is daar as deel van die ontplooiende waakeenheid om die vroue wat so afgeleë woon, te beskerm. Hy verduidelik dat hy met sy verskerpte lesers- en reuksintuig vir "spesiale gevalle" gebruik word. Ten spyte van sy opvallende donkerbril en wit kiere boesem hy vertrou in by die vroue en hulle verwelkom hom as hul beskermengel. Gertie stel dit duidelik wanneer sy sê: "Selfs in die donker kan ek sien hy het 'n goeie houding. Regop rug. Skouers terug. So 'n man kan 'n mens vertrou." (bl. 15)
- Die konstabel is glad nie beskeie nie. Hy geniet dit om hulle te vertel dat sy bynaam "Snuf-in-die-neus" is omdat hy dinge so goed kan uitsnuffel en hy spog met sy reuksin deur die reuktoets te doen om die vroue oënskynlik te identifiseer.
- Hy tree so oortuigend op dat die vroue onder sy betowering is en nie vermoed dat hy nie werklik blind is nie, selfs wanneer hy die hond ongewoon akkuraat beskryf – "n Groot dier. Kort snoet. Stomp stert." (bl. 24).
- Gedurende die aand slaag die sjarmante en manipulerende konstabel daarin dat elkeen van die vroue hom in haar vertrouwe neem en hom as't ware as biegvader gebruik: Meisie vertel hom van haar moeilike lewe en van haar besoek aan die sirkus, Gertie 'word' sy sensuele tante Hannie, en Miem vertel hom hoe sy haar man mis. Elkeen van die vroue beskou hom as 'n redder: vir Miem is hy 'n moontlike man vir haar dogter en sal kan help om Gebriël na haar terug te bring, Gertie sien hom in 'n romantiese lig en hoop om 'n verhouding met hom te hê, en vir Meisie is hy die vriend wat sy nie het nie en die persoon wat haar uit haar beklemmende lewe kan bevry.
- Hy het duidelik goeie mensekennis en weet net hoe om elkeen van die vroue te vlei. Vir Miem sê hy hoe verstandig sy is (bl. 19), vir Meisie laat hy spesiaal voel deur haar op haar regte naam te noem: "Jy't 'n mooi naam, Margareta" (bl. 27), en vir Gertie laat hy voel dat hulle baie gemeen het: "Ek en die juffrou het gevind ons is albei ewe versigtig ... en kieskeurig." (bl. 23).
- As karakter is hy 'n uitstekende toneelspeler. Wanneer Miem hom die huis wil verbied omdat hy kamtig vir Gebriël van die verdwynings verdink, oortuig hy hulle weer van die dreigende gevaar ("Die deur kan maklik oopgebreek word. Iemand kan daar insluip ...") (bl. 32) en maak hy kort daarna of hy hulpeloos is ("Ek wonder of iemand my kan help ... Sien, sonder my stok is ek verlore ...") (bl. 34). So kry hy dit reg dat die vroue hulle weer oor hom ontferm en dat hy kan voortgaan met sy planne om Meisie uit haar situasie te bevry.
- Die konstabel, as 'n moontlike skoonseun, bluf sodanig vir Miem met sy sjarme dat sy nie besef dat hy onder haar neus met Meisie reël om hom die aand laat kaalvoet en in haar aannemingsrok te ontmoet nie.

- Wanneer Meisie die konstabel in sy nuwe vorm as towenaar-hofnar ontmoet, stel hy haar eers gerus wanneer sy verbaas is dat hy kan sien, en nooi haar dan “met sjarmante handgebaar” om voor hom by die deur uit te dans.
- Omdat die konstabel se persoonlikheid so omkeerbaar soos sy baadjie is, dra hy daartoe by om die onderskeid tussen wie/wat goed en kwaad is, doeltreffend te laat vervaag.

## GABRIËL

- Hoewel Gabriël nooit op die verhoog verskyn nie, is die leser bewus van hom omdat hy die mandjie en slopemmer met ‘n tou laat sak en optrek. Wanneer hy nies, is dit ook hoorbaar en een keer gee hy ‘n angswekkende skreeu.
- Ons weet dat hy hom sewe jaar tevore na die solder onttrek het nadat hy die familieplaas in die Depressie verloor het en hulle na hierdie huis getrek het. Sedertdien het hy nooit weer ‘n woord gesê nie en stuur Miem en Meisie vir hom kos in ‘n mandjie boontoe en laat sak hy die slopemmer wanneer dit leeggemaak moet word.
- Ons leer hom veral ken deur wat die drie vroue van hom sê: Meisie is ‘n bietjie bang vir hom (“Ek is bang ... As ek opkyk, sien ek sy benerige, wit hand.” bl. 5); Gertie impliseer dat sy krities oor sy optrede is en hom as ondankbaar beskou (“Sy moet hom hand en mond bedien maar hy sê geen dooie woord nie. Nooit ‘n dankie of ‘n asseblief nie. Niks. Maar wag, ek praat te veel.” bl. 22); en Miem romantiseer oor hom (“Gabriël is ‘n goeie man. ‘n Sagmoedige man. Edel van inbors. ... ‘n bietjie swartgallig!” bl. 32) en droom dat hy sy regmatige plek as pa sal inneem wanneer Meisie die dag trou.
- Dit is interessant dat sy naam Gabriël is – die naam van die aartsengel – en dit sluit aan by Miem se vertrouwe dat hy hulle in geval in nood sal kom help.

## Opsomming van die verskillende handelingsgehele

### Handelingsgeheel 1 (bl. 4 – 5)

- Miem en Meisie sit en maak goingsakke waarin hulle die mis verpak.
- ‘n Tou sak deur die valdeur af, Meisie maak ‘n mandjie met kos daaraan vas en Gabriël trek dit op.
- Miem noem dat hulle daardie aand op hul hoede moet wees vir die dreigende gevaar.
- Meisie wil deur die venster na die sirkusliggies kyk, maar Miem verbied haar.
- Miem belowe om Meisie teen enige gevaar te beskerm.
- Hulle hoor ‘n motor wat aankom en voor hulle deur stop.

- In dié gedeelte maak die leser kennis met Meisie en haar ma, Miem, asook met haar pa, Gabriël, wat op die solder woon en met die huismense

kommunikeer deur die mandjie wat hy uit die solder laat sak wanneer hy 'n behoefte aan kos het.

- Miem en Meisie is agtuur die aand nog besig om die laaste van tweehonderd goingsakke te maak vir die besending mis wat die volgende oggend daar opgelaaai gaan word. Wanneer Gabriël die mandjie vanuit die solder laat sak en Miem haar dogter beveel om sy kos daarin te sit, sê Meisie, tot haar ma se ontsteltenis, dat sy bang vir haar pa is.
- Die twee vroue is gespanne oor 'n dreigende onheil, maar Miem verseker vir Meisie dat sy oor haar sal waak. Miem noem dat die dominee en ouderlinge die hele nag gaan bid. Wanneer Meisie deur die gordyne na liggies kyk, raas Miem met haar en herinner haar aan hoe haar vorige onlesersaamheid vir Miem geknou het. Meisie reageer deur saggies te huil.
- Miem vermoed dat daar daardie aand weer 'n meisie gaan verdwyn.
- Hoewel Miem bekommerd is oor Gabriël se gesondheid, glo sy dat hy hulle in 'n krisis sal bystaan.
- Miem en Meisie skrik wanneer hulle 'n motor voor die huis hoor stilhou.

### Vrae:

1. Dink aan enige drie dinge wat die toneel beskryf wat die leser sien wanneer die gordyn opgaan.
2. Wat doen Miem en Meisie vir 'n lewe?
3. Noem vyf klanke, buiten stemme, wat in hierdie gedeelte gehoor word.
4. Waaruit is dit duidelik dat Meisie se lewe deur haar ma beheer word?
5. Waarom is Miem en Meisie hierdie tyd van die jaar so besig?
6. Waaruit blyk dit dat die atmosfeer gespanne is?

### Handelingsgeheel 2(bl.5 – 6)

- 'n Ontstelde Gertie kom by Miem se huis aan omdat sy nie dié aand alleen wil wees nie.
- Miem noem dat 'n verkrachter-moordenaar daardie aand op soek is na 'n prooi.
- Rienie Pieterse en Sannie Koen het die vorige twee jaar op hierdie aand verdwyn.
- Gertie vertel van die "fratse" wat sy by die sirkus gesien het.
- Miem glo dat daar 'n verband tussen die dreigende gevaar en die teenwoordigheid van die sirkus is.
- Gertie noem dat die dorp vol polisiemanne met honde is.

- Omdat Gertie bang is om alleen te wees, kom bring sy die nag by Miem en Meisie deur. Dit blyk dat hulle glo dat 'n verkrachter-moordenaar dié aand 'n prooi soek omdat twee meisies, Rienie Pieterse en Sannie Koen, die vorige twee jaar op hierdie spesifieke nag geheimsinnig verdwyn het.
- Die vroue bespreek die sirkus wat die dorp besoek en Gertie vertel van die menslike "fratse" wat sy by die sirkus gesien het. Meisie is gefassineer deur haar vertelling, maar Miem is geskok dat Gertie na die sirkus gegaan het.



- Miem wonder skielik of daar 'n verband tussen die besoekende sirkus en die vorige verdwynings kan wees. Gertie probeer hulle gerusstel dat die sersant verstandig is en dat daar 'n sterk polisie teenwoordigheid op die dorp is, maar Miem glo dat 'n groot onheil dreig.

**Vrae:**

Skryf elke keer 'n aanhaling uit die teks neer om die volgende stellings te staaf.

1. Miem haat dit om selfs die sirkus se musiek te hoor.
2. Dit is die begin van die lente.
3. Gertie is 'n bietjie bygelowig.
4. Nie almal glo dat Rienie Pieterse en Sannie Koen vermoor is nie.
5. Meisie is gefassineer deur die sirkus.
6. Gertie gee voor dat sy nie uit nuuskierigheid na die "fratse" gaan kyk nie.
7. Miem glo dat die nag vol onheil gaan wees.

**Handelingsgeheel 3 (bl. 6 – 7)**

- Konstabel Van der Riet wat oënskynlik blind is, daag op om die vroue op te pas.
- Hy verduidelik dat hy ten spyte van sy blindheid 'n goeie reputasie het om dinge uit te snuffel.
- Hy beïndruk die vroue met sy goeie reuksin.
- Miem vertel die konstabel van die vorige verdwyning
- Die vroue is baie dankbaar dat die konstabel hulle oppas.

- Die "blinde" konstabel Van der Riet, wat "van elders" en deel van 'n "ontplooide waakeenheid" is, daag op om die vroue te kom oppas omdat hulle op so 'n afgeleë plek bly.
- Die konstabel beïndruk die vroue wanneer hy sy reuksin gebruik om hulle volgens hul ouderdom en huwelikstatus te identifiseer. Hy noem ook dat sy ander sintuie baie goed ontwikkel is en dat hy byvoorbeeld geweet het dis volmaan. Miem bied vir hom koffie aan en stuur Meisie na buite sodat syself die konstabel oor die verdwynings kan inlig.
- Miem vertel hoe Rienie Pieterse en Sannie Koen die vorige twee jaar kaalvoet en in hulle aannemingsrokke verdwyn het en hoe sy en Gertie onraad vermoed het en met die konstabel gaan praat het. Die konstabel impliseer dat die vroue beslis rede het om onrustig te voel, maar dat hy daar is om enige bose planne te fnuik. Hulle is baie dankbaar vir sy teenwoordigheid.

**Vrae:**

1. Watter inligting gee die konstabel oor homself in hierdie gedeelte?
2. Skryf twee aanhalings neer waarin die woord "mis" gebruik word en verduidelik die betekenis daarvan in die konteks.
3. Watter twee dinge doen die konstabel wat Gertie ontstel?
4. Watter ooreenkoms was daar tussen die verdwynings van Rienie Pieterse en Sannie Koen?
5. Waaruit is dit duidelik dat Meisie baie nuuskierig oor die sirkus is?

## Handelingsgeheel 4(bl. 7 – 8)

- Gertie en die konstabel gesels alleen.
- Gertie gee vir die konstabel inligting oor Miem se man.
- Gertie maak dit duidelik dat sy nie getroud is nie.
- Gertie vind uit dat daar nie 'n spesiale persoon in die konstabel se lewe is nie.
- Miem wil hê die konstabel moet in Meisie belangstel en vertel hom van al haar goeie eienskappe.
- Miem neem Gertie saam met haar uit die vertrek uit sodat Meisie en die konstabel op hulle eie kan wees.

- Miem en Meisie verlaat die vertrek en Gertie gebruik die geleentheid om die konstabel in te lig oor Miem se gesondheidsprobleme en die feit dat Gabriël al sewe jaar lank op die solder is. Sy vertel vir die konstabel dat sy 'n oujongnooi is en vind uit dat hy nie 'n spesiale persoon in sy lewe het nie.
- Wanneer Miem uitvind dat die konstabel ongetroud is, begin sy haar dogter, tot Meisie se verleentheid, "opveil" deur haar goeie eienskappe te noem. Miem en Gertie verlaat die vertrek sodat die konstabel en Meisie op hulle eie bymekaar kan wees en mekaar beter kan leer ken.

### Vrae:

Vul die ontbrekende woorde in:

Gertie vertel vir die konstabel dat Miem nooit kla nie, al het sy gesondheidsprobleme soos (1)\_\_\_\_ en water op die (2)\_\_\_\_. Sy vertel dat Gabriël (3)\_\_\_\_ jaar tevore, net na die (4)\_\_\_\_ uit moedeloosheid na die solder gegaan het en sedertdien nie 'n woord gepraat het nie. Dit is duidelik dat sy nie Gabriël se gedrag (5)\_\_\_\_ nie.

Wanneer Gertie vir die konstabel vertel dat sy geen kind of (6)\_\_\_\_ het nie en 'n (7)\_\_\_\_ is, wys dit dat sy in hom (8)\_\_\_\_. Meisie staan weer voor die venster en kyk na buite. Die venster is 'n simbool van (9)\_\_\_\_ omdat sy daardeur uit haar beklemmende bestaan kan (10)\_\_\_\_.

Wanneer Miem hoor dat die konstabel ongetroud is, vertel sy hom watter goeie (11)\_\_\_\_ Meisie is, hoe (12)\_\_\_\_ sy is en dat sy so mooi soos 'n (13)\_\_\_\_ is. Sy noem dat Meisie breë (14)\_\_\_\_ het, want sy wil die konstabel laat verstaan dat Meisie maklik (15)\_\_\_\_ sal kan baar.

Die feit dat Miem juis hierdie eienskappe noem, dui daarop dat sy 'n baie (16)\_\_\_\_ idee het van wat 'n vrou se rol in die (17)\_\_\_\_ moet wees.

## Handelingsgeheel 5(bl. 8 – 9)

- Meisie vertel vir die konstabel dat niemand ooit daar kom kuier nie en dat sy nooit uitgaan nie.
- Sy noem dat haar volle naam Margareta Johanna is.
- Sy vertel van haar wederregtelike besoek aan die sirkus.

- Meisie vra om verskoning omdat sy nie gewoond is aan mense nie en vertel dan aan die konstabel dat sy die mis vir haar eensaame bestaan blameer –

niemand kom kuier ooit daar nie en sy gaan nie uit nie omdat haar ma haar nodig het. “Sy vertel dat hulle omstandighede eers anders was en dat hulle voorheen ryk was. Sy voel gevele wanneer die konstabel haar “juffrou” noem en vertel hom dan dat haar regte name Margareta Johanna is.

- Meisie voel eers skuldig wanneer sy erken dat sy weer deur die venster na die tent en die liggies kyk, maar die konstabel oorreed haar om van haar wederregtelike besoek aan die sirkus te vertel. Sy beskryf die toneel wat sy deur ‘n gaatjie in die tent gesien het totdat sy haar ma se hand op haar skouer gevoel het. Sy erken dat haar ma haar goed grootgemaak het, maar dat sy ongehoorsaam was.

### Vrae:

1. Verduidelik hoe Miem en Meisie ‘n bestaan voer.
2. Watter streep het die noodlot vir Meisie getrek toe Danie Venter kom kuier het?
3. 3.1 Hoe het Meisie die stink misreuk probeer teenwerk?  
3.2 Watter insig gee dit jou in haar karakter?
4. Waaruit kan jy aflei dat Meisie gewoonlik identiteitloos voel?
5. Op watter twee maniere tree die man in die sirkus as ‘n bevryder op?
6. Uit watter drie dinge kan ‘n mens aflei dat Meisie konflik in haarself ervaar?

### Handelingsgeheel 6(bl. 9 – 10)

- Miem en Gertie praat oor die verdwynings.
- Gebriël skree angswekkend.
- Die konstabel lyk of hy Gebriël van die verdwynings verdink.
- Miem sê die konstabel is nie meer welkom daar nie.
- Hy oortuig haar dat hy bekommerd is oor hulle veiligheid.
- Die konstabel vertel breedvoerig hoe hy blind geword het.
- Gebriël laat die vol slopemmer sak.
- Meisie en die konstabel neem die slopemmer buitentoe.

- Miem en Gertie keer terug en sit hulle gesprek oor die verdwyning van die meisies voort. “n Angswekkende kreet van bo vestig die aandag op Gabriël. Die konstabel vra Miem uit oor haar man, waaruit dit blyk dat hy Gabriël moontlik van die verdwynings verdink. Dit bring hom in botsing met Miem, wat hom die huis belet. Hy beklemtoon egter dat hy bloot bekommerd oor hulle veiligheid is en sy aanvaar sy verduideliking.
- Die konstabel beantwoord Miem se vraag oor die oorsaak van sy blindheid breedvoerig: Hy het blind geraak nadat hy as kind tydens ‘n sonsverduistering direk na die son gekyk het.
- Die konstabel vra om Meisie te ‘sien’, waartoe Miem namens haar instem. Terwyl Meisie voor hom kniel, bevoel en streef die konstabel haar gesig.
- Gabriël laat sak die vol slopemmer en die konstabel help Meisie om dit na die buitetoilet te dra.

### Vrae:

Wie sê die volgende woorde en in watter konteks word dit gesê?

1. “Hou jou hier uit! Dit is my man wat so ... beswadder word!”
2. “Ek wonder of iemand my kan help ... Sien, sonder my stok is ek verlore ...”
3. “Ek weet dit kan nie maklik wees nie. Al maak u so min daarvan.”
4. “Alle dames lyk vir my óf na my ma óf my tant Hannie.”
5. “Kyk, Ma! Hier kom dit!”
6. “En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie.”

### Handelingsgeheel 7(bl. 10 – 11)

- Miem en Gertie praat oor die sirkus.
- Gertie is bekommerd oor Meisie en die konstabel wat so lank buite bly en roep hulle dan binnetoe.
- Gabriël trek weer die slopemmer op.
- Die geblaf van polisiehonde is hoorbaar.
- Miem is bly dat Meisie veilig tuis is terwyl soveel ander meisies in gevaar is.
- Die konstabel sê dat hy net tot twaalfuur daar sal wees.
- Gertie moedig Miem en Meisie aan om te gaan slaap.

- Miem en Gertie bly alleen agter terwyl Meisie en die konstabel die slopemmer gaan leegmaak. Hulle praat oor die sirkus en Gertie vertel dat sy dié oggend die sirkusoptog in die strate gesien het. Gertie hou die konstabel en Meisie deur die venster dop en is bekommerd (jaloers) dat hulle so lank wegbly en so naby aan mekaar staan. Uiteindelik roep sy hulle binnetoe.
- Die slopemmer word opgetrek. Meisie maak die spatsel skoon.
- Hulle luister na die polisie wat met hulle honde langs die rivier patroleer. Die gesprek beweeg na die moordenaar. Meisie raak bang, maar Miem stel haar gerus.
- Gertie bied aan om die konstabel geselskap te hou sodat Miem en Meisie kan gaan slaap.

### Vrae:

1. Is Gertie werklik bekommerd daaroor dat Meisie en die konstabel gaan koue vat as hulle so lang buite bly? Verduidelik.
2. Watter hoop koester Miem vir Meisie se troudag?
3. Hoe sluit die vergelyking dat Meisie so veilig “soos ‘n voëltjie in sy nessesie” is by vroeëre verwysings aan?
4. Verduidelik waarom die hond, Wagter, se naam ironies is.
5. Watter verdere teken is daar dat Gertie jaloers is op Meisie en die konstabel se vriendskap?
6. Hoe versterk die feit dat die konstabel net tot twaalfuur daar gaan wees, die sprokieselement in die drama?

### Handelingsgeheel 8(bl. 11 – 12)

- Gertie vra die konstabel of sy meer soos sy ma of meer soos sy tant Hannie is.

- Die konstabel beskryf tant Hannie se voorkoms, hoe sy gedans het en hoe sy haar uitgetrek het.
- Gertie leef haar ten volle in die beskrywing van tant Hannie in en voer die aksies uit soos die konstabel dit beskryf.
- Gertie verdwyn by die agterdeur uit wanneer Miem se voetstappe naderkom.

- Gertie is giggelrig en bied vir die konstabel koffie en iets te ete aan, wat hy nie wil hê nie. Sy stuur die gesprek in 'n persoonlike rigting en vra of sy hom aan sy ma of aan sy tant Hannie herinner. Hy antwoord dadelik dat sy soos tant Hannie is. Die konstabel gee dan 'n meesleurende beskrywing van sy tant Hannie: haar voorkoms, hoe sy gedans het, en hoe sy haar uitgetrek het toe hy haar afgeloer het.
- Gertie leef haar in in die rol van tant Hannie – sy sien fisieke ooreenkomste tussen hulle twee, sy voer dansbewegings soos tant Hannie uit, en sy begin haar klere ekstasies uittrek wanneer die konstabel beskryf hoe tant Hannie dit gedoen het. Wanneer Miem se voetstappe hoorbaar word, gryp sy verskrik haar klere en vlug by die agterdeur uit.

#### Vrae:

1. Waarop sou die gelui van die kerkklok dui?
2. Maak 'n lys van tant Hannie se eienskappe wat die konstabel opnoem. Plaas 'n regmerkje langs die eienskappe wat ook op Gertie betrekking het.
3. Uit watter optrede van Gertie is dit duidelik dat sy haar volkome in die konstabel se vertelling inleef?
4. Watter woorde van Gertie dui aan dat sy dit geniet om haar so in hierdie ander identiteit in te leef?
5. Waarom kan 'n mens sê dat die konstabel vir Gertie 'n guns doen in hierdie gedeelte?
6. Verduidelik Gertie se reaksie wanneer sy Miem se voetstappe hoor naderkom.

#### Handelingsgeheel 9(bl. 12 – 14)

- Miem vertel vir die konstabel hoe Gabriël die familieplaas verloor het en hom op die solder teruggetrek het.
- Sy dink terug aan die tyd toe dit nog goed met haar en Gebriël gegaan het.
- Sy hoop hy sal van die solder afkom wanneer Meisie trou.
- Gertie kom van buite in.
- Miem en Gertie gaan slaap.

- Miem bring vir die konstabel 'n kombes en begin huil wanneer hy haar 'n goeie nagrus toewens. Sy vertel hoe hulle omstandighede eers heeltemal anders was; hoe Gabriël die familieplaas en al sy vee in die Depressie verloor het, en hoe hy hom uit moedeloosheid kort nadat hulle na die kleinhoewe getrek het, op die solder toegesluit het.

- Sy bieg oor hoe moeilik die lewe vir haar sonder 'n man is en onthou hoe sy en Gabriël altyd in die laatmiddag saam gaan stap het. Haar enigste hoop is dat hy sal afkom wanneer Meisie die dag trou.
- Wanneer Gertie inkom, sê sy Miem en Meisie kan gerus solank gaan slaap. Miem stem in omdat die besending mis baie vroeg die volgende oggend gehaal word.
- Dit blyk dat Miem, ten spyte van die konstabel se teenwoordigheid en die polisiepatrollies, tog onrustig voel dat iets gaan gebeur.

**Vrae:**

Dui aan of die volgende stellings waar of onwaar is. Gee elke keer 'n rede vir jou antwoord.

1. Miem bewonder Gertie se liefde vir liggaamlike oefening.
2. Miem begin huil omdat sy Gebriël mis.
3. Die woord "pondokkie" toon Miem se gehegtheid aan haar huis.
4. Gabriël het die familieplaas verloor omdat hy nie 'n goeie boer was nie.
5. Gabriël kan as 'n moedige, stabiele karakter beskou word.
6. Miem mis die fisieke nabyheid van 'n man.
7. Miem wil hê Meisie moet trou sodat sy nie meer vir haar verantwoordelik hoef te wees nie.
8. Wanneer Gertie terugkeer, is sy weer haar ou self.
9. Miem en Gertie moet albei die volgende oggend vroeg opstaan.
10. Miem glo beslis dat die konstabel blind is.

**Handelingsgeheel 10(bl. 14 – 18)**


- Gertie en Miem verdwyn deur die gangdeur.
- Die konstabel haal 'n appel uit sy sak en neem 'n hap.
- Hy trek sy baadjie uit, keer dit om en trek dit weer aan met die blink patrone na buite.
- Hy luister na die sirkusmusiek en voer danspassies uit.
- Meisie verskyn kaalvoet en in haar aannemingsrok.
- Die konstabel sê hy kan sien omdat dit so laat is.
- Hy sê hoe mooi Meisie is.
- Meisie wil eers nie die sirkusmusiek hoor nie.
- Sy begin eers huiwerig en dan uitbundiger dans.
- Die konstabel maak die deur oop, pak sy goed en verdwyn dan agter Meisie aan na buite.
- Die musiek is oorverdowend.

- Nadat Miem en Gertie die verhoog verlaat het, haal die konstabel 'n appel uit sy sak en neem 'n hap daarvan. Dan verander hy van 'n polisieman in 'n flambojante, siende hofnar wanneer hy sy baadjie stadig oopknoop, uittrek, die blink binnekant na buite omkeer en weer aantrek. Met 'n glimlag luister hy na die musiek en voer droomverlore 'n paar danspassies uit.
- Meisie verskyn, skaam en onseker, kaalvoet en in haar aannemingsrok. Sy wonder eers waar die konstabel is en is dan verwonderd dat hy so anders lyk en dat hy kan sien.

- Die konstabel maak eers die venster en dan die deur oop sodat die sirkusmusiek leser kan word. Meisie druk aanvanklik haar ore toe om dit nie te hoor nie, maar dan hou sy op met stry, raak meegevoer en begin dans – eers fyn danspassies wat al hoe uitbundiger word. Die hofnar-towenaar maak die agterdeur oop, pak sy goed in sy sak en beweeg dan agter die dansende Meisie aan by die deur uit. Nadat hy een keer omgekyk het, verdwyn hy in die nag terwyl die sirkusmusiek oorverdowend hard is.

**Vrae:**

1. Beskryf die transformasie wat die konstabel ondergaan.
2. Waarom is dit sinvol dat die konstabel-hofnar se bewegings met dié van 'n towenaar vergelyk word?
3. Wat laat 'n mens beseft dat die konstabel ook vir die vorige twee verdwynings verantwoordelik moes gewees het?
4. Wanneer het die konstabel vir Meisie gesê wat sy moet aantrek?
5. Watter twee dinge maak dit duidelik dat Meisie aanvanklik nog onseker is?
6. Hoe verander Meisie se dansbewegings?
7. Waarom is die gebruik van die woord “fladder” doeltreffend om Meisie se aanvanklike bewegings te beskryf?
8. Wat lei jy af uit die feit dat Meisie voor die konstabel-hofnar by die agterdeur uitgaan?
9. Waarvan is die harde sirkusmusiek simbolies?
10. Hoe kom die drama se slot ooreen met die slot van 'n tipiese sprokiesverhaal?



## MOONTLIKE ANTWOORDE OP VRAE IN ONDERSKEIE GENRES

### POËSIE

#### Toe jy kind was – N.P. van Wyk Louw

1. *Die bose kom deur die swak punt van jou karakter.*
2. *Nee, dit is nie die aarde wat nie eenvoudig is nie, maar die mens en hoe hulle lewe.*
3. *Vrye Vers.*
4. *Dit is in digvorm geskryf.*
5. *Om sekere dinge te beklemtoon. Dubbelpunt – 'n verduideliking volg.*

#### Waarom is ek tog 'n...M.M. Walters

1. *As hy 'n vraagteken geplaas het, sou dit impliseer dat hy net 'n vraag ondersoek. Die feit dat hy die vraagteken weglaat, impliseer ook dat hy redes gee vir hoekom hy as 'n gewone man beskou kan word.*
2. *Hy gebruik 'n beletseltteken aan die einde van die strofe.*
3. *Die spreker het nie antwoorde vir sy optrede nie.*
4. *Hy verdien sy geld deur kuns/skryfwerk.*
5. *Anders as die hippies wat gewoonlik baarde en lang hare gedra het, het die spreker nie 'n baard of lang hare nie. Anders as die hippies loop hy nie kaalvoet nie en is hy skoon.*
6. *Hy is getroud en volg nie 'n losbandige leefwyse nie.*
7. *Absalom.*
8. *Dit is 'n metafoor wat die gevaar*

#### Hansie en Grietjie – Eveleen Castelyn

1. *Dit is die stad waar die kindertjies woon.*
2. *Die hoë geboue maak skaduwees oor die stad, soos bome in 'n woud. Die son is besig om te sak.*
3. *Reël 13: "tot by die kelders".*
4. *Dit is die tannie wat hulle oppas by die kleuterskool, maar hulle wil nie daarheen gaan nie.*
5. *Die mammies en pappies sien amper nooit hulle kinders nie, hulle hanteer hulle soos vreemdelinge of stiefkinders.*
6. *Die gedig begin met die woorde "daar was eendag", verder maak die digter baie gebruik van metafore soos woud, flou olielamp, honderde kersies, heks se huisie, stiefmammies en –pappies, ysterswaan, riviere van teer, hok.*
7. *Een aand het Hansie en Grietjie oor die tralies geklim en gevlug. Hulle het hulle stukkend geval oor die sementpaadjies.*
8. *a Daar is 'n ooreenstemming tussen die werklikheid en die sprokie wat in alle opsite verskil  
b Tussen 'n sprokie en die hedendaagse werklikheid.*
9. *In 'n woonstel in die stad.*
10. *Die koppelteken vervang die woord "stief".*
11. *Dit is die daaglikse roetine wat gevolg word.*
12. *Van 'n moderne, luukse motor.*
13. *Die ysterswaan jag en blaas rook,*



van haar mooi hare aandui – die hare lok mans na haar toe.

9. Nee, die feit dat die strofe met die teenstellende voegwoord “maar” begin, sê dat hy anders dink oor die saak.
10. “trots”.
11. Dit som sy frustrasie op.
12. Dit weerklink in die woord “kastele”.
13. Deernis.
14. Hy spreek hulle aan as “u”.

### Herinneringe – Koos du Plessis

1. Die aangesprokene was in die verlede in ‘n verhouding met die spreker betrokke.
2. “verflenterde”, “skewe”, “versplinterde”.
3. Anders as die ander drie strofes wat in die teenwoordige tyd geskryf is, is strofe 3 en 5 in die verlede tyd geskryf en sluit aan by elemente van hoe die verhouding eers was. Die ander drie strofes lewer meer kommentaar op wat die spreker nou van die verhouding dink.
4. Die spreker beskou die aangesprokene se woorde as leweloos (“dor”) en vergelyk dit met wat op ‘n rak in ‘n argief voorkom (“manuskripte”) en nutteloos is (dit word slegs “vir die motte bewaar”).
5. Hy vergelyk haar oë met kosbare gesteentes.
6. a Haar beeld is soos ‘n ou foto wat nie in ‘n goeie toestand is nie – net soos die verhouding nie in ‘n goeie toestand was nie.  
b Hulle tyd saam was eentonig en tydelik (die dae kan getel word).  
c Haar stem het hom ontwyk – hy kon dit nie meer onthou nie. (Die woorde “deuntjie” en “plaat” verwys na musiek.)
7. Positiewe en negatiewe aspekte van die verhouding is reeds “vergete”.
8. “lag” en “tranespoor”; “Vergete” en “onthou”.
9. Albei kom aan die einde van ‘n

terwyl ‘n swaan grasieus en rustig is.

14. Hulle gaan op met die hysbak by die woonstel.
15. Dit simboliseer ‘n tronk. In die woonstel voel dit vir hulle of hulle in ‘n tronk is.
16. Hulle het op die sypaadjies geloop ver van die huis af.
17. Deur middel van progressie.
18. Die maan is nie helder nie, maar dof van rook en besoedelde lug.
19. Swane is rustige skoon diere terwyl hierdie swane jag en rook uitblaas.
20. “gebad en gevoer in ‘n hok”.
21. Hulle het weggeloopt en is nou ver van die huis af.
22. Kinders word in die hedendaagse lewe onnatuurlik grootgemaak. Hulle en hulle ouers is vreemdelinge vir mekaar as gevolg van die ouers wat albei werk en nooit by die huis is nie.

### Man met flits – D.J. Opperman

1. Die titel verwys na die mens wat met sy intellek, wat deur die flitslig voorgestel word, na sin in die omringende chaos/duister soek. Die afwesigheid van ‘n lidwoord voor “man” sluit aan by die feit dat die man na die universele mens verwys.
2. Die spreker se wete/intellek word gelykgestel aan ‘n lig (“wit kol”). Hierdie lig word as “klein” beskryf, wat dui op die beperktheid van die mens se vermoë om sin uit die chaos te maak.
3. Die k-alliterasie beklemtoon die woorde “klein” en “kol”, wat die beperktheid van die mens se intellek/insig uitlig. Die w-alliterasie beklemtoon die metafoor wat die mens se wete aan ‘n lig gelykstel.
4. Die straal van die flitslig op ‘n klip word vergelyk met die verskyning van ‘n bok wat eers stilstaan en dan verdwyn. Die mens se wete het dus ‘n oomblik lank insig gevind.
5. Die herhaling van “klein” en “wit”

versreël voor en die kontras wat die woorde met mekaar vorm, versterk die betekenis daarvan.

10. "gebalsem".
11. Ons assosieer die woord "balsem" gewoonlik met dinge (soos mummies) wat dood is, maar bewaar word om onthou te word. Die metafoor in die slotversreël bevestig die ironie dat die spreker juis die negatiewe aspekte van die verhouding wat hy nie wil onthou nie, nie kan vergeet nie en dit wat hy wou behou, verloor het.
12. Herinneringe aan negatiewe aspekte van die verhouding leef voort, terwyl herinneringe aan positiewe aspekte van die verhouding vervaag het.

### Skoppensboer – Eugéne N. Marais

1. Skoppensboer (Jack of Spades) kom voor in kaartspel.
2. In die gedig is daar die suggestie van plesierige, nagtelike aktiwiteite waaronder dobbelspel met kaarte sou kon tel.
3. Skoppensboer is die altyd wagtende dood. Hy is die een wat "laaste lag" (r. 7), die ontvanger van ons aardse oorskot van "stof en dons" (r. 14) en die "hoogste troef" (r. 27), met ander woorde die oorwinnaar.
4. Die spreker is dit eens met die Evangelie volgens Matteus dat geen skat wat die mens hier op die ondermaanse vergaar, bestand is teen mot en roes nie. Ook dat die mens, soos dit wat hy so sorgvuldig bymekaarmaak, tydelik is – slegs stof wat tot stof sal terugkeer.
5. Strofe II lê klem op die tydelikiheid van alles en strofe III gaan voort om te wys hoe die negatiewe (die dood en die verganklikheid) reeds aanwesig is in die oënskynlik aangename en skone: Die "hare wat die sonlig vang" (r. 18) en die "oge vol van sterre prag" (r. 21) is magteloos teen die wurm.
6. Dit is die kaart wat die spel wen.
7. Skoppensboer word genoem die

beklemtoon hoe beperk die mens se vermoë is om sin uit die chaos te maak.

6. Die gebruik van die verkleiningsvorme "takkie" en "ogies" beklemtoon die beperktheid van die mens se insig. Die rymende woorde "hang" en "bang" dui op die mens se gebrek aan vastigheid en die mens se vrees in die eksistensiële chaos.
7. Die woord "skyn" verwys eerstens na "lig", wat logies by "flits" en "kol" aansluit.
8. Die woord "glip" sluit by die mens se onsekerheid aan, terwyl "klip" verwys na die vastigheid waarna hy soek, maar wat hom ontwyk.
9. Die beeld van die bok in die eerste deel van die gedig is die duidelikste en positiefste. Die beeld van die ogies in die tweede deel is minder konkreet, terwyl die waters in die derde deel geen vastigheid bied nie. Die progressie van "bok" na "ogies" na "waters" vorm 'n parallel met die duisternis wat toenemend sterker as die lig raak en met die mens se insig wat al minder word.
10. Aan die einde van die gedig "bedreig" die "duister" die spreker van alle kante. Ten spyte van sy pogings om stapklippe te kry en sin uit die duisternis te probeer skep (let op die gebruik van "maar"), is die krag van die duisternis/chaos te oorweldigend in vergelyking met sy intellek/wete waarmee hy sin probeer skep.

### Ontvlugting – Ingrid Jonker

1. "Ontvlugting" dui op 'n poging om te ontsnap aan gevaar, of 'n onhoudbare situasie, deur te vlug.
2. Nee, dit word voorafgegaan deur "hierdie" wat dit figuurlik maak. Dus verwys Valkenberg na die leefwêreld van die spreker – die toestand van gevangenskap, die benouende ruimte van haar gekke bestaan, haar hede wat gekenmerk word deur die hartseer van 'n gebroke verhouding.
3. Dit is iemand wat die pyn van 'n

“hoogste troef”. Dit is dus Skoppensboer, die dood wat telkens as oorwinnaar uit die mens se lewenstryd tree.

8. In al die voorafgaande strofes wys die spreker op die relatiewe aard van alleaardse, tydelike skoonheid, rykdom en plesier. In die slotstrofe bepleit hy juis, ironie, ‘n oorgawe aan die lewe met sy feestelikhede.

9. Hy sien dit as ‘n “grap” en “komedie”.

10. Die spelers is “geblinddoek met ‘n lamferlap”. Hulle rou só oor die altydaanwesige dood dat hulle vergeet om die lewe te geniet terwyl hulle dit nog het.

11. Met musiek (“viool en fluit”) en skoonheid (“blink die oog en gloei die huid”).

12. Hy kan saamlag met Skoppensboer.

### Onderwyser – Antjie Krog

1. Daar word na die onderwyser se “moedertaal” verwys, wat beteken dat taal belangrik vir hom is, en die Afrikaanse digters Totius en Malherbe is sy helde.
2. Dit laat die aangesprokene effens belaglik en outyds voorkom.
3. Die spreker en haar medeleerlinge beskou die aangesprokene byna as die vyand – iets wat verower moet word.
4. Dit beklemtoon dat die aangesprokene ten spyte van aanslae teen hom tog nie van stryk gebring word nie.
5. Hy word vergelyk met ‘n ommuurde stad wat bewaak word.
6. Dit verwys moontlik daarna dat die aangesprokene ten spyte van sy harde uiterlike ‘n sagte plek het, wat beteken dat die leerlinge tog tot hom kan deurdring.
7. Hulle val hom aan oor dinge wat vir hulle as jongmense belangrik is, en is dikwels nie ernstig nie.
8. Die aangesprokene se respek vir en geloof in sy digterhelde is so sterk dat hy onbewus van die aanslae teen hom is.

gebroke verhouding ervaar.

4. Sy doen dit in haar verbeelding (“dink my ... terug”) deur haarself terug te verplaas na ‘n plek en tyd toe sy gelukkig was – Gordonsbaai en haar kinder- en jeugjare, soos blyk uit die verwysing na die “paddavisse” en “swastikas”.
5. Na die dubbelpunt volg die spreker se herinneringe aan Gordonsbaai.
6. Dit handel oor aktiwiteite uit die spreker se jeug.
7. Die swastika is ‘n teken van haar jeugdige voortvarendheid, haar jeugdige hoop en toekomsverwagtinge.
8. Sy bly getrou aan die herinnering van haar verlore liefde.
9. Die geliefde het haar verlaat en bly dus nie getrou aan haar nie.
10. Sy is honger vir die liefde van haar gewese minnaar.
11. Na die dubbelpunt volg die spreker se beskrywing van die “volmaakte smart” – haar “lyk” wat uitgespoel lê in “wier en gras”.
12. Haar ontvlugting was ‘n poging om weg te kom van haar smart, maar dit eindig juis in “volmaakte smart”.
13. Die gedig handel juis oor ‘n gebroke paar.

### Verslag van ‘n winter...– W.E.G Louw

#### Deel I en II

1. Hy is voor die winter gebore.
2. Tyd speel nie eintlik ‘n rol in die Groot Karoo nie. Dinge verander nie vinnig nie en mettertyd is die dinge wat tot niet gaan, ook vervang met iets wat ook ‘n doel het. Soos die Rommel (blik/gebreekte fles) wat naderhand gruis word wat weer deur die aarde gebruik word. Dit word ook later geïllustreer wanneer hy agterkom dat die dinge wat verander het eintlik ten goede was.
3. Beklemtoon die gedeelte wat volg, naamlik dat dit ‘n proses is wat onomkeerbaar is soos die dood.
4. Deel I handel oor die omgewing wat polsend van lewe is – ‘n parmantige hanslam, ‘n klomp baljarende boklammers, die

**Naskrif: 'n credo – Lina Spies**

1. Die digters wat aangehaal word, is mense wat werk van die hoogste gehalte gelewer het. Deur hulle aan te haal, kwalifiseer die spreker wat sy met "mooi" bedoel – sy bedoel eintlik uitstekende en pragtige poësie.
2. Met haar eerste verwysing na "gewone mense" bedoel sy mense wat nie kenners van "rym en metrum" is nie. Omdat "gewone mense" ook anders geïnterpreteer kan word, sê sy dan dat sy nie van "gewone mense" hou nie en verduidelik sy wat sy daarmee bedoel.
3. Iemand wat oor dertig jaar nog roomys in die straat sal lek, is iemand wat nog 'n element van jeugdigheid het en wat nie omgee wat ander mense van hom dink nie.
4. Dit verwys na die aangesprokene, wat 'n spesiale persoon in die spreker se lewe is.
5. Dit is een van die dinge waarvan die spreker hou: die skoonheid van 'n amandelboom vol bloeisel in 'n vaal omgewing – iets pragtigs op 'n onverwagte plek.
6. Dit is moontlik die spreker self. Sy beskryf die aangesprokene (die "iemand") en haarself oor dertig jaar – hy besit nog 'n element van jeugdigheid en sy is oud en verrimpeld, maar die aangesprokene beskou haar nog as 'n "liewe" vrou (hy is dus lief vir haar).
7. "n Parkiet is 'n nabootser, wat ook geleer kan word om woorde te herhaal. Die spreker vergelyk haarself spottenderwys met 'n parkiet en suggereer dat sy as digter slegs herhaal wat reeds voorheen gesê is. (Deur ander digters in die gedig aan te haal, herhaal sy letterlik ander mense se werk.)
8. Die **p**- en **k**-alliterasie en **ie**-assonansie in "lyk presies nes 'n parkiet" beklemtoon die woorde

bleshoenders en 'n swewende arend. Deel II handel oor dieselfde omgewing, maar begin met die gedagte van dood en eindig met die gedagte dat dit wat gebreek en nutteeloos is (dood) mettertyd ook positiewe eienskappe het (gruis).

**Deel III en IV:**

5. Die mense wou hê die pad moet na elkeen van hulle huisies gaan.
6. Dit beeld die padstrepe uit wat verander van stippellyn na soliede lyn, maar suggereer ook dat die padgebruikers so vinnig ry dat die stippellyn naderhand lyk of dit 'n soliede lyn is.
7. Personifikasie. Dit is geslaagd, want alhoewel die "Hy" na die pad verwys, verwys dit ook terselfdertyd na die motorbestuurder.
8. Deel III: "gedryf deur 'n eie gevoel van wat hoort", "waar die koffie altyd klaar op die Tessie staan". Deel IV: "Hy ruik nie die kruiegeur in die klowe", "maar voer jou ... na die koue verlatenheid bo Verlatekloof".

**Deel V en VI:**

9. Dit is omhein en afgewit.
10. Dat sy gedagtes terug in die verlede dwaal.
11. "Altyd": Dinge het daardie tyd nooit verander nie. Dit wat vir 'n kind saak gemaak het, die kerk en die skool, het uitgestaan en die omgewing het nie verander nie.
12. Dit sluit aan by die onsekerheid en die vraagwoord "Waar?".

**Deel VII en VIII:**

13. Die wêreld wat hy in Deel VII beskryf het.
14. Die titel van die siklus lui: "Verslag van 'n winterreis". Hierdie gedig verwys spesifiek na die winter.
15. Die boonste lagie water is gevries van die koue.
16. Beklemtoon die gedagte van koue.

**Deel IX:**

17. Die hanslam van Deel I.
18. Hierdie deel verwys pertinent na die hanslam en die kraai. Die kraai herhaal dan ook sy gedrag van Deel II, maar hierdie keer is sy prooi die hanslam wat simbool van lewe was. Daarmee illustreer die

“lyk” en “parkiet” asook “presies” en “parkiet”, en verbind die woorde klankmatig. Die alliterasie en assonansie help om die versreël ‘n natuurlike ritme te gee.

Die vergelyking in “lyk presies nes ‘n parkiet” stel die spreker gelyk aan ‘n parkiet – ‘n herhaler of nabootser van wat ander reeds gesê het.

9. Die verwysing na “verse” (strofe 1), “poësie” (strofe 2) en “gedigte” en “rym en metrum” (strofe 5) en die aanhalings uit ander digters se werk in strofe 1 dui aan dat die digkuns sentraal is in die gedig.
10. ‘n Credo verwys na beginsels of oortuigings wat baie belangrik is vir ‘n persoon of groep. In hierdie gedig identifiseer die spreker verskeie dinge wat sy as belangrik beskou: dat haar poësie mooi moet wees; dat sy en die aangesprokene oor dertig jaar nog ‘n goeie verstandhouding moet hê; dat die aangesprokene, wat nie ‘n kenner van “rym en metrum” is nie, van haar poësie moet hou.

#### Die Godsbesluit – J.D. du Toit (Totius)

1. Die huis waarin sy dogtertjie deur die weerligstraal getref is.
2. “lowergroen”.
3. Metafoer.
4. “reg” om te steek of te haak.
5. Dit verdeel die gedig in twee dele: Die eerste deel is die beskrywing van die natuur en die tweede deel is die toepassing; of dit skei letterlik en figuurlik van mekaar; of dit skei beskrywing en gebed.
6. Die lewe ruk ons somtyds tot stilstand en maak soms seer.
7. Dan word ek gepynig.
8. Die mens moenie God se raadsplan prober deurgrond of verstaan nie; dan kry hy seer.
9. Onheilswoning.
10. Dit sou ‘n bepaalde algemene toepaslikheid ten opsigte van God se besluit hê, deur die gebruik van die bepaalde lidwoord word die direkte betrokkenheid van God uitgelig en beklemtoon.

digter die verweefdheid van die twee uiterstes: lewe en dood.

#### Sonsondergang...Etienne v. Heerden

1. Hy is in ‘n restaurant, besig om kreef te eet.
2. Hy is saam met ‘n vrou, ‘n geliefde.
3. Dit is sonsondergang.
4. Die kreef is die aangesprokene.
5. Na die dubbelpunt volg ‘n verduideliking van hoe die kreef ‘n teken van die tye word.
6. Hy word, terwyl hy nog lewe, reeds tot die dood gevonniss.
7. Die kreef word lewend in kookwater gedompel om gaargemaak te word.
8. Dit verwys na restaurante.
9. Hy kan ‘n sinnebeeld word van die mens wat lewend, maar geestelik dood is in die stad. Dus verteenwoordig die kreef iets van die algemene bestaanstoestand van die mens.
10. Daar word gesuggereer dat die kreef as’t ware verby sy dood leef – as simbool is hy “steeds lewend”.
11. Dit is die musiek van ‘n trekklavier op die agtergrond.
12. Dit kan die ivoor-hewwe van tafelmesse wees, of juweliersware van ivoor wat die vrou dra.
13. Dit is waarskynlik ‘n feesgeleentheid. Die simboliek van die kreef hou verband met feestelikheid, maar kreef is ook ‘n delikatesse (lekkerny) wat gewoonlik slegs by spesiale geleenthede geëet word.
14. Dit kan suggereer dat hierdie man en vrou mekaar so goed ken, maar dit kan ook verwys na die eeue-oue hofmaakspel tussen man en vrou, wat begin met inkennigheid, die eerste sku toenadering.
15. Die kreef is immers meer as kreef – hy is “teken van die tye”.
16. Dit is ‘n feesgeleentheid.
17. Hy sou kon treur oor die lot van die kreef.
18. Die venster van die restaurant.
19. Dit word teken van die “jy”, die vrou.
20. Die vrou is vir die spreker ‘n fees(maal). Daar is ‘n seksuele

11. *Daar volg 'n wending.*  
12. *Hy is groter as al die ander bome.*

*suggesstiee – sy is immers die  
“laaste” en die “heerlikste kreef”.*

## ROMAN

### Fiela se kind – Dalene Matthee

1. *Dit is 'n onbekende kind – die lesers weet nog nie wie die kind is nie.*
2. *Hy is nie hulle biologiese kind nie, hy het sommer net daar aangekom / optelkind.*
3. *Die pofadder wat voor die agterdeur kom lê het en sy het toe nie besef dat dit eintlik 'n teken kan wees van iets wat gaan gebeur nie. Sy het dit eers besef toe Benjamin daar aankom.*
4. *Die pofadder: Dit kan 'n satanstyding wees.  
Die valk: Dit het die mooiste hoender kom vang.*
5. *Gedurende 1820.*
6. *Dat die Goewerment al hulle goed gaan vat.*
7. *Hy noem hulle "baas".*
8. *Dit beklemtoon hulle verbasing omdat hy tussen bruin mense is en vir haar "ma" sê.*
9. *Daar het 'n kind weggeraak op daardie ouderdom en hulle dink dalk dit is daardie kind.*
10. \* *Hy is verwaarloos, slordig en onontwikkel.*  
\* *Hy toon geldgierigheid.*  
\* *Hy verval in selfbejammering, kan nie opstaan as hy eers gaan lê het nie.*  
\* *Hy verontskuldig altyd homself.*
11. *Sy praat in haar gedagtes.*
12. \* *Sy is eiewillig en het 'n besondere liefde vir die bos.*  
\* *Sy is baie mooi.*  
\* *Sy het 'n baie sterk persoonlikheid.*  
\* *Sy oefen 'n bepaalde invloed uit op Lukas van Rooyen.*  
\* *Daar is 'n seer in haar wat niemand van weet nie.*
13. \* *Sy is netjies en hardwerkend.*  
\* *Sy ontwikkel haar kinder kultureel.*  
\* *Sy besit trots en verantwoordelikheid.*  
\* *Al druk die lewe haar, sy staan op en gaan voort.*  
\* *Sy besit innerlike krag en liefde.*  
\* *Haar liefde snoer die familie saam.*
14. *Om hoofsaaklik die lesers in te lig waar sekere dinge tot stand gekom het.*
15. *Dat hulle die bosvrou moet roep en vir haar vra watter klere die kind aangehad het toe hy weggeraak het. Fiela weet wat hy aangehad het, dus sou sy weet of die vrou reg is.*
16. *Fiela is die krag wat haar familie saamsnoer en Elias dryf die kinders weg met sy selfsugtige eise.*
17. *Hy was twintig jaar oud.*
18. *Die mens is uitgelewer aan die genade en besluit van ander mense. Deur besluite wat neneem word, word die karakters se lewens beheer, want net "die mens het skynbaar 'n keuse – om te vernietig of nie".*
19. *Wie was hy? Wat sou dit help om te vra? Daar was nie 'n antwoord nie – en tog was hy iemand.*
20. *Benjamin Komoetie. Hy sê dis nie 'n nuwe naam nie, dis 'n ou naam, hy gaan terug na die Lange Kloof toe.*

## DRAMA

### Die Keiser – Bartho Smit

#### Eerste bedryf:

1. Hulle loop albei na die spieël en inspekteur hulleself.
2. Hy is ontevrede oor die klere wat hulle moet dra en vra vir Maarskalk waarom hulle nie ook kaftans en safaripakke kan dra nie.
3. Ekwator is op die ewenaar, daar sal nie 'n klimaatsverandering wees nie. Daar word van hom verwag om die die geestelike waardes te koester wat uniek is aan sy volk en aan die beskawingsprogram.
4. Hy het die klere gedra wat hulle in in hulle lande dra – hy was nie patrioties nie.
5. Die Keiser het in vyftig jaar 'n beskawing opgebou soos geen land in vyf eeue kon doen nie en die klere getuig van dit.
6. Die volk loop in vodde rond, dit is net hulle wat in hierdie klere rondloop – die volk is in opstand.
7. Die geld is aan die paleisstad en aan die egte goue trone met diamante en edelgesteentes bestee.
8. Die Groen Tier word deur middel van die edelgesteentes uitgebeeld.
9. Dat Maarskalk sy leër se wapens verkwansel.
10. Kultuur: U ydele.  
Maarskalk: Korporaal.
11. Hy dreig hom dat dit sy kop sal kos.
12. Daar is 'n spatsel op sy krawat.

#### Vierde bedryf:

1. Die Wewer en Tiengelieng. Hulle het klere aan van die Keiser en Keiserin.
2. Hy is vreeslik geskok.
3. Ekwator is net die stad, Utopia is die res van die land. Die land van hoop en drome – dra droomklere, woon in droomhuise ens.
4. Hulle koppe is op swaarde na die Keiser toe gebring – hulle het die volk verraai en bedrieg.

#### Tweede bedryf:

1. Kim.
2. Die Keiser se persoonlik wagte.
3. Hy het eerste ingegaan sonder dat iemand hom gesien het.
4. Die Groen Tier.
5. Diplomaat en Tiengelieng bespreek die kostuum so in detail dat hulle ook moet voorgee hulle sien hom.
6. Hy spring voor die Wewer in en beveel hom om nie naby die Keiser met die skêr te kom nie.
7. Hy sê prontuit dat hy geen kostuum sien nie en beweer dat die ander die Keiser flous.

#### Derde bedryf:

1. Hy trek sy kamerjas aan, dan trek hy hom weer uit, staan voor die spieël en sien nog net sy onderbroek.
2. Hulle beweer: "Wie op aarde kan nie hierdie kostuum sien nie.
3. Hy sê vir die Keiser sy onderbaadjie se boonste knoop is los.
4. Die Hofnar het gesê hy het probeer snaaks wees en dat hy wel die kostuum kan sien.
5. Die ander het elke keer presies geweet wat hy altyd aan het.
6. Hy het die storie van sy oer-oupa-grootjie vertel wat in 'n tuin agtergekom het, hulle is naak, en sien toe al die ander mooi dinge raak in die natuur.

5. Indien die Keiser die optog aflas, sal hulle die Keiserin martel.
6. Hy besluit tog da nom in die optog te loop.
7. Hulle het altyd gepraat van die "Heilige Keiser.
8. Dat Kultuur en Maarskalk se koppe op swaarde is en dat die Keiser kaal in die optog loop om hom met hulle te vereenselwig.



**Antwoorde – Praktiese oefeninge:**

1. *Die Keiser vier sy vyftigste jaar aan die bewind (halfeeu-feesviering)* (1)
2. *Diplomaat is bly dat die Groen Tier se plan om die keiser te verneder (onttroom) lyk of dit wil slaag -- keiser moet nou wonderkostuum dra ( bv.) Die Mininster van Kultuur is onseker of die kostuum bestaan, maar kan dit nie voor die res beken nie -- bang keiser moet kaal loop of Kultuur het oorspronklike kostuum laat maak -- voel in gesig gevat* (1)
3. *Die rebelle (Kim) het die paleiswagte omgekoop om dit te steel / die wagte vervang.* (1)
4. *onbekwaam vir sy pos -- bedrieg die Keiser* (2)
5. 5.1 *beskawing* (1)  
5.2 *barbaarsheid / dekadensie* (1)
6. *Amptelike grapmaker van hof./ Vertroueling (spioen) van Keiser / Keiser se skakel met die werklikheid. Verteenwoordiger van die waarheid* (1)  
(1)
7. *Daar bestaan 'n goeie verhouding tussen Keiser en Hofnar. Keiser is bewoë as nar wegneem / keer vir nar: Los hom . Hy's maar net ons Nar. of Die Keiser identifiseer met die nar / nie een sien die kostuum nie: Wat het ek aan? Die onderbroek, my Kroon.* (1)  
(1)
8. *Die Keiser dink dat as die Hofnar nie die kostuum kan sien nie, dan sien hy hom net in sy onderbroek en vir die Keiser wat kaal as dekadent beskou, is dit 'n vreeslike verleentheid.* (2)
9. *Die waarheid maak seer / dis nie altyd lekker om die waarheid te hoor nie.* (1)
10. *Maarskalk is bang dat Hofnar sy korrupsie aan Keiser sal uitblaker (vroeër afgeluister) en wil Nar uit die pad hê. of Hatig teenoor Nar omdat hy hom so spottend aanspreek (Korporaal)* (1)
11. 11.1 *Die Keiser* (1)  
11.2 *Onbevoegdheid as militêre leier (Karaktereienskap gevra)* (1)
12. *Dis ironies omdat die Nar die enigste een is wat eerlik is en daarvoor moet hy tronk toe gaan.* (1)
13. *Wewer het die Keiser vertel dat sy ministers die geld vir die beskawingsprogram (volk te voed + te klee + huise te gee) spandeer het aan onbenullighede (Paleisstad)* (2)
14. *Die rebelle het hulle onthoof (koppe op swaardpunte).* (1)
15. *Keiser is dit aan die volk verskuldig omdat dit eintlik sy skuld is dat dit so*

- sleg met hulle gaan. -- Die Groen Tier is nog jonk en het tyd om die Keiser se drome waar te maak, eintlik wil Groen Tier homself verhef tot Keiser en verryk met goud.* (2)
16. *neweteks* (1)
17. *man* (1)
18. 18.1 *Die wewers verwag dat die volk die Keiser sal bespot / verskeur, maar dan prys hulle hom. Die volk dink dat die Keiser sy medemenslikheid en begrip vir hul nood toon, maar eintlik is hy versteurd.* (1)
- 18.2 *Hofnar besef die Keiser is versteurd en kry hom jammer, OF Hofnar weet hoe moeilik dit vir die Keiser moet wees om so kaal te loop; miskien ook hartseer omdat hy besef Keiser sal sy hande vol hê om al die onreëlmatighede uit die weg te ruim. (Dis nou as Keiser nie versteurd is nie)* (1)
19. *Gehoor / lesers is bewus van iets, terwyl die karakters dit nie weet nie. Byvoorbeeld, Ministers wat die Keiser mislei oor beskawingsprogram, Diplomaat is aan Wewer se kant Die lesers besef daar's geen kostuum vir die Keiser nie.* (1)

## DRAMA

### Mis – Reza de Wet

#### Handelingsgeheel 1

1. *Armoedig, eenvoudig, verwaarloos, basies, outyds, ens.*
2. *Hulle verpak en verkoop mis vir bemesting.*
3. *Sirkusmusiek, wind, valdeur wat oop- en toegaan, Gabriël se nies, motor wat aankom en stilhou.*
4. *Sy sit agtuur in die aand en goingsakke maak saam met haar ma; haar ma sê sy moet regop sit, haar ma laat haar nie toe om na die sirkusliggies te kyk nie; haar ma sê sy moet die skêr weer skerpmaak.*
5. *Dit is vroeglente en die boere plant.*
6. *Die ma en dogter is baie bewus van geluide buite, albei skrik wanneer 'n motor voor die huis stilhou.*

#### Handelingsgeheel 3

1. *Sy van is Van der Riet. Hy kom "van elders" en is deel van 'n "ontplooiende waakeenheid". Sy bynaam is "Snuf-in-die-neus" omdat hy dinge so goed kan uitsnuffel. Hy het 'n goeie reuksin en sy ander sintuie is ook baie goed ontwikkel. Hy word vir "spesiale gevalle" gebruik.*
2. *"As ek dit nie mis het nie, is daar drie dames hier teenwoordig." Die woord "mis" beteken hier "verkeerd". "Maar daar is ander gegewens ... wat u miskien misgekyk het." Die woord "mis" betekend hier "nie raak nie."*
3. *Hy verduidelik dat sy as 'n ouer ongtroude vrou suur ruik, "byna soos dikmelk". Wanneer Gertie sy arm neem om hom te help wanneer hy gaan sit, sê hy "kil" dat hy self verder kan regkom.*

#### Handelingsgeheel 2

1. *"Die aaklige musiek maak my skoon naar."*
2. *"Daar's vrugtebome wat al bot."*
3. *"En toe hoor ek 'n uil roep in die tuin."*
4. *"Dat Tok Pieterse se Rienie en Hannah Koen se Sannie maar net weggeloop het ... uit ontevredenheid ... en frustrasie."*
5. *"Is daar baie liggies en is die tent groot?"*
6. *"Sien ... ek wou na hierdie arme skepsels gaan kyk ... hierdie armsalige en gebreklige wesens ... sodat ek my seëninge kan tel."*
7. *"Vannag sak die donker magte oor ons dorpie neer!"*

#### Handelingsgeheel 4 (bl. 7 – 8)

1. *Suikersiekte*
2. *knieë*
3. *sewe*
4. *Depressie*
5. *goedkeur*
6. *kraai*
7. *oujong-nooi*
8. *belangstel*
9. *vryheid*
10. *ontvlug/ontsnap*
11. *kok*
12. *hardwerkend/vlytig*
13. *engel*
14. *heupe*
15. *kinders*
16. *tradisionele/konserwatiewe*
17. *lewe*

#### Handelingsgeheel 6

1. *Nadat die konstabel laat blyk het dat hy Gabriël moontlik van die verdwynings verdink, sê Miem die woorde aan Gertie, wat nie glo dat Miem bedoel dat die konstabel nie meer daar welkom is nie.*
2. *Die konstabel sê dit vir die vroue*

4. *Albei meisies het op die laaste aand van Augustus kaalvoet en in haar aannemingsrok verdwyn.*
5. *Sy wil gedurig by die venster uitkyk.*

### **Handelingsgeheel 5**

1. *Boere bring aan die begin van die maand waens vol mis na hulle kleinhoewe. Aan die einde van die maand sit Miem en Meisie dit in sakke en verkoop dit vir bemesting.*
2. *Toe Danie Venter die vorige jaar een Sondag kom kuier het, het die wind eers reg gewaai sodat die vlieë weggewaai is en die huis na rose geruik het. Toe draai die wind. Die stink misreuk het Danie verjaag.*
3. *3.1 Sy het roosbome voor haar venster geplant.*  
*3.2 Sy het reeds jare gelede probeer om haar troostelose bestaan met die skoonheid van rose te probeer verraai.*
4. *Dit laat haar trots voel om Margareta Johanna (haar eie name) genoem te word.*
5. *Hy maak die meisie in die doodskis weer heel en bevry haar en laat die voëls uit die kou vlieg.*
6. *Hoewel sy weet sy mag nie na die liggies kyk nie, doen sy dit tog en geniet dit. Sy weet sy mag nie oor die sirkus praat nie, maar wag net vir 'n geleentheid om dit te doen. Sy erken dat haar ma haar goed grootgemaak het, dat sy ongehoorsaam was om sirkus toe te gaan en dat sy nie na die sirkusmusiek mag luister nie, maar tog gefassineer is daardeur.*

### **Handelingsgeheel 7**

1. *Nee, sy is jaloers op die vriendskap wat tussen Meisie en die konstabel ontwikkel.*
2. *Sy hoop Gabriël sal die huwelik bywoon as pa van die bruid.*
3. *Dit sluit aan by die voëls wat in die sirkus vrygelaat is. Dit bevestig*

*nadat Miem aanvaar het dat hy sy plig gedoen het om suspisieus oor Gabriël se moontlike bewegings te wees. Die konstabel wil seker maak dat die vroue oortuig is dat hy wel blind is.*

3. *Gertie sê dit vir die konstabel oor sy blindheid nadat hy hulp gevra het om sy stok te kry.*
4. *Die konstabel sê dit nadat hy aan die vroue vertel het hoe hy gedurende die sonsverduistering blind geword het en sedertdien net sy ma en sy tante se gesigte onthou.*
5. *Meisie vestig haar ma se aandag op die slopemmer wat Gabriël na twere dae laat sak.*
6. *Meisie sê dit vir die konstabel toe hy aanbied om haar te help om die slopemmer buite te gaan leegmaak. Dit toon weer eens haar tweeledige gevoelens teenoor die sirkus,*

### **Handelingsgeheel 8**

1. *Dit sou 'n teken wees dat iets vreeliks gebeur het.*
2. *Sy het nooit getrou nie. Sy was beeldskoon. Sy was te kieskeurig. Sy het lang, goue, golwende hare gehad. Sy was lank en slank. Sy was 'n goeie danser.*
3. *Wanneer die konstabel tant Hannie se dansbewegings beskryf, voer Gertie ekstasies soortgelyke bewegings uit. Wanneer hy beskryf hoe tant Hannie haar klere uittrek, doen Gertie asof in 'n beswying mee.*
4. *Wanneer die konstabel tant Hannie se dansbewegings beskryf en 'n oomblik ophou, sê Gertie: "Nog ... Nog, as u wil."*
5. *Hy gee haar die geleentheid om haar kortstondig uit te leef in 'n deel van haarself wat andersins nooit tot uiting kom nie.*
6. *Sy vlug verskrik by die agterdeur uit omdat Miem se voetstappe haar terugruk na die hede.*

*die metafoor van Meisie as 'n voël wat vrygelaat gaan word.*

4. *Wagter het hulle glad nie teen die konstabel se koms gewaarsku nie. Hy is dus nie werklik 'n "wagter" nie.*
5. *Gertie sê sy dink Meisie is seker baie moeg en moet liever gaan slaap.*
6. *Twaalfuur is 'n magiese tyd. Anders as Aspestertjie wat om middernag weer haar vaal identiteit aangeneem het, gaan die konstabel om twaalfuur van 'n konstabel in 'n flambojante towenaar-figuur verander.*

### **Handelingsgeheel 10**

1. *Hy trek die baadjie van sy polisie-uniform uit, keer dit met flambojante bewegings om en trek dit weer aan. Die 'nuwe' baadjie is van blink sy met silwer en swart diamantpatrone. Hy kan nou ook sonder twyfel sien.*
2. *Soos 'n towenaar gaan hy Meisie uit haar omstandighede bevry.*
3. *Net soos Rienie Pieterse en Sannie Koen, dra Meisie haar aannemingsrok en is kaalvoet.*
4. *Toe hulle saam buitentoe is om die slopemmer leeg te maak.*
5. *Sy wil nie die musiek hoor nie omdat sy weet dat dit verbode is, en sy dans eers baie huiwerig.*
6. *Haar aanvanklike huiwerige, fladderende bewegings raak al hoe uitbundiger.*
7. *Dit herinner aan 'n skoenlapper wat uit 'n kokon kom en begin vlieg, wat aansluit by Meisie se ontwaking en haar bevryding uit haar beperkende omstandighede.*
8. *Sy word nie gedwing om te gaan nie; dit is haar eie keuse.*
9. *Dit dui op Meisie se bevryding uit haar beklemmende omstandighede.*
10. *Meisie word soos 'n tipiese sprokiesprinses bevry; die 'prins' neem haar egter na die sirkus, nie na 'n bal soos Aspoestertjie nie.*

### **Handelingsgeheel 9**

1. *Onwaar. Miem verwys neerhalend na al "die vars lug en oefening" wat Gertie kry.*
2. *Waar. Wanneer die konstabel nagsê, herinner dit Miem aan hoeveel sy die teenwoordigheid van 'n man in die huis mis en sy begin huil.*
3. *Onwaar. Die woord "pondokkie" toon dat Miem haar huis as benede haar waardigheid beskou.*
4. *Onwaar. Die Depressie het veroorsaak dat Gebriël al sy vee en ook die familieplaas verloor het. Daar was net genoeg geld oor om hierdie kleinhoewe te koop.*
5. *Onwaar. Gabriël was so moedeloos en depressief dat hy 'n paar dae nadat hulle na die kleinhoewe getrek het, na die solder verdwyn het en sedertien nie weer verskyn het nie.*
6. *Waar. Miem sê dit "maak weer dinge in my wakker" om die tyd van die nag 'n man in die huis te hê".*
7. *Onwaar. Miem hoop Gebriël sal op Meisie se troudag verskyn.*
8. *Onwaar. Haar bloes is weer toegeknoop nadat sy sonder bloes by die agterdeur uitgevlug het toe Miem opgedaag het, maar sy is "effens verbouereerd" en haar hare is onnet op haar kop vasgesteek.*
9. *Waar. Miem moet gereed wees wanneer die misbesending die volgende oggend sewe-uur opgelaai word en Gertie se skool begin om kwart voor agt.*
10. *Waar. Miem draai die lampe se pitte af, want sy glo dit maak nie vir hom as blinde saak of die lampe brand of nie.*